# DIE SKOPUS VAN DIE SKRIF BY CALVYN

## 'N DOGMATIESE VERKENNING VAN SEKERE HOOFSTUKKE UIT DIE INSTITUSIE VAN CALVYN

C.F.C. COETZEE

# DIE SKOPUS VAN DIE SKRIF BY CALVYN

'N DOGMATIESE VERKENNING VAN SEKERE HOOFSTUKKE
UIT DIE INSTITUSIE VAN CALVYN.

VERHANDELING VOORGELÊ TER VERVULLING VAN 'N GEDEELTE
VAN DIE VEREISTES VIR DIE GRAAD

THEOLOGIAE MAGISTER

AAN DIE

POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT VIR CHRISTELIKE HOËR
ONDERWYS

deur

CAREL FREDERIK CHRISTOFFEL <u>COETZEE</u>.

MAART 1972.

VOORWOORD

By die voltooiing van hierdie studie kom die lof en die dank toe aan die almagtige God wat geleent=hede bied en mense as sy instrumente gebruik, ook om te besin oor die diepte en rykdom van sy Godde=like openbaring.

Die Partikuliere Sinode van Wes-Transvaal het aan my toestemming verleen om die studie vir die Th.M.-graad voltyds af te handel. Vir dié geleentheid wat aan my gebied is wil ek ook hier my opregte dank betuig.

Dat ek hierdie studie onder leiding van my vader, prof. P.J. Coetzee, kon afhandel, is vir my 'n bron van diepe vreugde en groot dankbaarheid. Vir sy inspirasie en leiding wil ek hom uit die diepte van my hart bedank. Prof. T. van der Walt het nie alleen aanvanklik my belangstelling vir hierdie onderwerp geprikkel nie, maar my ook steeds geïnspireer en van raad en advies bedien, waarvoor ek hom innig dankbaar is.

Die steun van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing het dit moontlik gemaak om hierdie stu=die sonder finansiële bekommernis af te handel. Daarvoor my opregte dank en waardering. Ook van my Alma Mater, die P.U. vir C.H.O. het ek finan=siële steun ontvang waarvoor ek hier my opregte dank wil uitspreek.

'n Woord van hartlike dank aan mev. Elza de Wet vir die deeglike en spoedige afhandeling van die tikwerk, asook aan dr. D.P. Wissing vir die taalkundige versorging.

Die personeel van die Ferdinand Postma Biblioteek en die Biblioteek van die Teologiese Skool te Potchefstroom word bedank vir hulle diens in die verskaffing van literatuur. 'n Woord van besondere dank aan die Ferdinand Postma Biblioteek vir die bind van hierdie verhandeling.

Die meelewing van my ouers, skoonouers (my skoonvader selfs ten tye van sy ernstige siekte), en die opregte belangstelling van ander familie en vriende word opreg waardeer en was besonder stimulerend vir die studie.

My vrou was bereid om met groot opoffering, daadwerklike hulp en warme belangstelling die afhandeling van hierdie studie moontlik te maak. Baie dankie.

Mag hierdie studie die belangrikheid beklemtoon van die besinning oor die Skrif, asook die noodsaaklikheid om in dié besinning kennis te neem van die standpunt van 'n teoloog wat deur God ryklik begenadig was.

Potchefstroom,
Maart 1972.

INHOUD

p.

HOOFSTUK 1

ORIËNTERING 1

1. Die begrip Σκοπός. 1

2. Historiese oorsig. 3

3. Die skopusbegrip in die kontemporêre teologie. 5

4. Die skopusbegrip in die onderhawige studie. 24

5. Motivering van studie. 25

6. Probleemstelling en begrensing. 27.

HOOFSTUK 2

AANWESIGHEID VAN DIE SKOPUSGEDAGTE BY CALVYN 32

1. Die Institusie van Calvyn. 32

2. Genuanseerde Skrifbeskouing en Skrif= benadering. 34

3. Erkenning van die skopus. 42

HOOFSTUK 3.

FUNKSIONERING VAN DIE SKOPUSGEDAGTE BY CALVYN. 56

1. Inleidend. 56

2. Heilshistoriese bepaaldheid. 58

3. Kerugmatiese struktuur en gerigtheid. 70

4. Soteriologiese motief. 83

5. Eskatologiese gerigtheid. 87

6. Christologiese sentraliteit. 92

7. Cognitio Dei. 113

HOOFSTUK 4

SAMEVATTING EN KONKLUSIE 119

BIBLIOGRAFIE 135

# HOOFSTUK 1

## ORIËNTERING

## 1. Die begrip Σκοπός

In die huidige besinning in die kring van die Gereformeerde teologie oor al die fasette van die Skrifvraagstuk, word daar onder andere al hoe meer aandag gegee aan die sogenaamde skopus van die Skrif.

Die woord skopus is afgelei van die Griekse woord σκοπός. 'n Studie van 'n aantal teolo= giese en ander woordeboeke bring die volgende aan die lig in verband met die begrip σκοπός en aanverwante begrippe:[1)]

Die woord het in die klassieke Grieks, sedert Homerus, veral twee betekenisse gehad, naamlik:

---

1) Vergelyk onder andere FUCHS, D.E. Ad σκοπός, σκοπέω ensovoorts. In KITTEL, G. Theologisches Wörterbuch zum Neuen Testament. Begründet von Gerhard Kittel. Hrsg. von G. Friedrich. Stutt= gart, Kohlhammer, Bd. 7, 1964. p. 415 ev.; BAUER, Walter. Griechisch-Deutsches Wörterbuch zu den Schriften des Neuen Testaments und der übrigen urchristlichen Literatur. 5 verb. und stark verm. Aufl. Berlin, Töpelmann, 1958. p. 1499 ev.; CREMER, Hermann. Biblico-theological lexicon of the New Testament Greek. 4th English ed. with supplement. Tr. from the latest German ed. by William Urwich. Edinburgh, Clark, 1895. p. 527 & 863; MOULTON, H.J. and MILLIGAN, G. The vocabulary of the Greek Testament, illustrated from the papyri and other literary sources. London, Hodder and Stoughton, 1949.

(a) Persone wat waghou, spioeneer, toesig hou, ens. Konings en gode is byvoorbeeld σκοποί genoem. Zeus is onder andere bekend as 'n hoeder wat al die bekommernisse op hom neem.

(b) σκοπός beteken ook die doel, doelwit, skyf, ensovoorts. So het elke mens byvoorbeeld 'n doel wat sy ganse lewe beheers.

Die woord het ook soms die betekenis van "be= skermer", in die sin van 'n persoon wat konings en ander mense bewaak. Ook die meer abstrakte betekenis van "intensie" of "gerigtheid" kan aan hierdie woord verbind word.

Wat enkele aanverwante begrippe betref, kan ge= meld word dat 'n wagtoring of observasiepos be= kend staan as ἡ σκοπία terwyl die werkwoord σκοπέω beteken: "om te kyk na 'n objek", "om aandag aan iets te gee", letterlik, "om te spi= oeneer".

In die Nuwe Testament kom die woord σκοπός slegs voor in Fil. 3:14, waar dit in die Afri= kaanse vertaling met "doel" weergegee is, terwyl die werkwoord σκοπέω net voorkom in Luk. 11:35, waar dit met "pas op" vertaal is.

Ons gee in die volgende paragrawe van hierdie hoofstuk aandag aan die betekenis wat in die loop van die geskiedenis in die teologie aan hierdie

begrip geheg is, en ook die betekenis wat vandag daaraan geheg word, vir sover dit as belangrik beskou word vir die onderhawige studie.

## 2. Historiese oorsig

Dit is bekend dat *Luther* sowel as *Calvyn* reeds gepraat het van Christus as die Skopus van die Skrif.[2] Rossouw toon onder andere aan hoedat die dogmatiese gehalte van die Skrif 'n konkrete Skopus het te midde van 'n meervoudige tematiek, en hoedat daar in die worsteling met die verhou= ding tussen hierdie eenheid en hierdie veelheid by die reformatore duidelike aksentverskille na vore tree.[3] Hy gaan ook in op die verandering wat die skopusgedagte na die Reformasie ondergaan het. Hierdie verandering kom onder andere daarop neer dat Christus as die Skopus van die Skrif later nie meer die lewende Christus was nie, maar die ware regsinnige leer omtrent Christus.[4]

* * * *

---

2) Vergelyk o.a. BIJLSMA, R. Schriftgezag en Schrift= gebruik; een hermeneutiek van de Bijbel. Nijkerk, G.F. Callenbach, 1964. p. 178; ROSSOUW, Hendrik Willem. Klaarheid en interpretasie; enkele pro= bleemhistoriese gesigspunte in verband met die leer van die duidelikheid van die Heilige Skrif. Amsterdam, Jacob van Campen, 1963. p. 190 ev.; Vergelyk ook die kommentaar van Calvyn op 2 Tim. 3:15; Joh. 5:39; Rom. 10:4. Op p. 193 verwys Rossouw onder andere na CR 52, 382, waar die vol= gende uitspraak van Calvyn gevind word: "Proinde non immerito nos ad fidem Christi revocat, tanquam ad scopum atque adeo summam".

3) ROSSOUW. Klaarheid en interpretasie. p. 191.

4) Ibid., p. 304 ev., p. 322 ev.

Wat die funksionering van hierdie begrip in die wetenskaplike teologie betref, is dit veral in die *sewentiende eeu* weer met nadruk ter sprake gebring deur die Nederlandse teoloog *Christoph Wittich* in die teologiese diskussie van sy tyd.[5] Hieroor moes hy hom verantwoord voor die sinode van Gelderland in 1660, waar sy ortodoksie egter bevestig is.[6] Die Gereformeerde ortodoksie en die Kartesianisme (waarvan Wittich 'n verteen= woordiger was) het die woord skopus sedert die tyd van Wittich as hermeneutiese begrip van die Bybelse eksegese behou.[7]

* * * *

Alhoewel die begrip as sodanig miskien nie deur hulle gebruik is nie, wil Berkouwer tog die beklemtoning van die bestemming van die Skrif deur *Bavinck*, en die beklemtoning van die sogenaamde sensus Sacrae Scripturae deur *Kuyper*, as niks anders sien nie as 'n beklemtoning van die skopus van die Skrif.[8]

Die Kerk was dus altyd in meerdere of mindere mate bewus van die sentraliteit van die Skrif en het homself steeds rekenskap gegee van en

---

5) BERKOUWER, G.C. De Heilige Schrift. Kampen, J.H. Kok, 1967. Dl. I, p. 209.

6) Ibid.

7) FUCHS. Ad σκοπός, ensovoorts. <u>In</u> KITTEL. Theolo= gisches Wörterbuch .., p. 416.

8) BERKOUWER, G.C. De H.S. Dl. I, onder andere p. 27, 149, 175, 176, 178, 179.

en herinner aan die woord van Paulus in I Kor. 2:2, dat hy niks anders wil weet as Jesus Chris=tus en Hom as gekruisigde nie.[9]

3. Die skopusbegrip in die kontemporêre teologie[10]

Wanneer daar in die huidige besinning gepraat word van die skopus van die Skrif, het ons nie met 'n eenlynige saak te doen nie maar met 'n meervoudige saak. Ons sal in hierdie paragraaf allereers probeer vasstel watter betekenis aan hierdie begrip geheg word, om daarna kortliks te handel oor die funksionering van die skopus=begrip in die kontemporêre teologie.

* * * *

In hierdie verband is daar in die Suid-Afrikaanse teologie 'n belangrike bydrae gelewer deur *Für=stenburg*, van wie se werk daar ook in die res van hierdie studie vrugbaar gebruik gemaak kon word.[11]

---

9) BERKOUWER, G.C. De H.S. Dl. II, p. 79.

10) Die stof wat in hierdie paragraaf behandel word kon ook by die vorige paragraaf tuisgebring word. Dit word egter in 'n aparte paragraaf behandel om=dat daarin 'n belangrike motivering geleë is vir die aanpak van hierdie besondere studie, soos ons ook in paragraaf 5 van hierdie hoofstuk aantoon.

11) FÜRSTENBURG, J. du T. Die skopus van die Heilige Skrif. In HERVORMDE teologiese studies. jg. 26, afl. 3 & 4.

Hy stel die saak waarom dit hier gaan soos volg:

"Kenmerkend vir die huidige intensiewe besinning in die kring van die Gereformeerde teologie oor die vraekompleks rondom die Heilige Skrif is onder meer die *genuanseerde wyse van vraag- en probleem=stelling*. Daar word nie bloot oor die gesag van die Skrif en die prinsipiële fundering daarvan gehandel nie, maar herhaaldelik word in resente publikasies die vraag na die spesifieke *aard* en *eiesoortigheid* van die Skrif self, van sy gesag, teopneustie en kanonisiteit, sy betroubaarheid en duidelikheid en so meer pertinent aan die orde gestel. Dit is - samevattend - die vraag na die *modus quo* van die Heilige Skrif as Woord van God".[12]

Ons het hier te doen met 'n spesifieke beklem=toning van die inhoudelike van die Skrif, wat daartoe lei dat die eiesoortigheid van die Skrif, sy besondere intensionaliteit, gerigtheid en doel, kortom, die skopus van die Skrif, duidelik na vore tree.[13] Die genuanseerde Skrifbeskou=ing en Skrifbenadering wat tans aan die orde is, het dus die aandag gevestig op die skopus van die Skrif.

Daarmee is die vraag ten opsigte van die spesi=fieke betekenis van hierdie begrip egter nog nie

---

12) FÜRSTENBURG. Die skopus van die H.S. p. 189.

13) Ibid.

beantwoord nie. En 'n voldoende antwoord kan alleen gebied word deur die bepaalde aard en struktuur van die Bybelse getuienis self te be= studeer.[14] Dan blyk dit dat die begrip 'n ruimer of meer formele, en 'n enger of meer ma= teriële presisering toelaat.[15]

"Onder eersgenoemde is 'skopus' as tendens, strekking of gerigtheid, aard en karakter, bedoeling of intensie te verstaan, terwyl laas= genoemde op die spesifieke doelwit, oogmerk of bestemming waarop die Skrif gerig en afgestem is, dui. Beide is uit die aard van die saak onderling ten nouste met mekaar verweef".[16]

Met bogenoemde aanduiding van Fürstenburg in gedagte, vind ons dit dan nie vreemd nie wanneer Ridderbos die terme doel, aard, natuur, karakter en inhoud van die Skrif feitlik as sinonieme ge= bruik.[17] Berkouwer gebruik ook nog die terme sentraliteit, sentrum, boodskap, as sinonieme wanneer hy die skopus van die Skrif in gedagte het.[18] Hierdie gebruik deur Ridderbos en Ber= kouwer sien dan blykbaar op die ruimer of meer

---

14) FÜRSTENBURG. Die skopus van die H.S. p. 193.

15) Ibid.

16) Ibid.

17) RIDDERBOS, H.N. Feilloosheid, onfeilbaarheid, autoriteit. In Het Woord, het Rijk en onze ver= legenheid. Kampen, J.H. Kok, 1968. p. 62.

18) BERKOUWER. De H.S. Dl. II, p. 87.

**formele** betekenis van die begrip skopus van die Skrif, wat ons hierbo aangedui het.

* * * *

*Samevattend* kan ons dus sê dat 'n nuwe wyse van beskouing en benadering van die Skrif, wat deur Fürstenburg bestempel word as 'n genuanseerde beskouing en benadering, gelei het tot die spon= tane na vore tree van die skopus van die Skrif. Wat die presiese betekenis van hierdie begrip betref, sien dit dan enersyds op die spesifieke aard, karakter, tendens, boodskap, inhoud, strek= king, gerigtheid, bedoeling, intensie, sentrum of sentraliteit van die Skrif, en andersyds op die eintlike doelwit, oogmerk of bestemming waar= op die Skrif gerig en afgestem is.

* * * *

Ons let dan vervolgens kortliks op die funksio= nering van hierdie begrip in die kontemporêre teologie.[19)]

---

19) Dit is geensins die bedoeling om in hierdie ver= band 'n volledige en intensiewe studie te maak van die skopusbegrip in die kontemporêre teologie nie. Daaraan sou ons insiens met groot vrug 'n aparte studie gewy kon word. Die bedoeling is alleen maar om die betekenis en funksionering van die skopusbegrip in die kontemporêre teologie kortliks aan te toon ten einde die noodsaaklikheid van die bestudering van hierdie onderwerp te beklemtoon. Die teoloë na wie ons in dié verband verwys, is dan ook persone uit die kring van wie se stand= punte ons in Suid-Afrika in ruim mate kennis neem, en ook hier is dit nie die bedoeling om die stand= punt te behandel van elke teoloog wat hom oor hierdie saak uitgelaat het nie.

Die genuanseerde Skrifgebruik wat tans aan die orde is, is grotendeels in die hand gewerk deur die voortgesette ondersoek van die Skrif self. Al meer het dit in eksegetiese werke van Gere=formeerde kant duidelik geword dat die gevari=eerde inhoud van die Skrif telkens volgens eie aard verstaan en aangedui moet word.[20] In die historiese gang van die Skrifverstaan is die oë dus in die later tyd meer en meer geopen om op die skopus te let. Dit hang saam met die ontsluiting van die kennis van die Skrif, sy "Umwelt" en die tyd van sy ontstaan, die lewens=omstandighede en gewoontes van daardie tyd en die taal waarin die Skrif tot ons gekom het.[21]

Volgens Berkouwer kan ons ook sê dat die ont=dekking dat die Woord van God ingaan in die volle menselewe, een van die aanleidende oor=sake was om meer te besin oor die skopus van die Skrif self.[22]

Ridderbos stel dit so dat die insig in die kerug=matiese karakter van die Nuwe Testamentiese Skrif, sowel van die sogenaamde historiese boeke as van die briewe, veroorsaak het dat die aard van die Nuwe Testamentiese Skrifinhoud en daarmee ook die doel, die swaartepunt en die gesag van die

---

20) FÜRSTENBURG. Die skopus van die H.S. p. 192.

21) BERKOUWER. De H.S. Dl. II, p. 98 ev.

22) Ibid.

Nuwe Testament baie noukeuriger onderskei is.[23]

* * * *

Die skopus van die Skrif hou die aandag van talle teoloë in ons tyd gevange. *Berkouwer* is so oor=tuig van die legitimiteit en noodsaaklikheid van die beklemtoning van die skopus van die Skrif, teenoor 'n nivellerende Skrifbeskouing waar alle Skrifwoorde reliëfloos, as't ware op 'n plat vlak naas mekaar te staan kom, dat hy die volgende stelling maak:

"skopus of reliëfloosheid. Tertium non datur".[24]

Die gehoorsaamheid jeens die Woord van God is volgens Berkouwer onvoorstelbaar en onmoontlik sonder die luisterende ontdekking van die sin van die woorde, van hulle wesenlike skopus, en dit is aan die ander kant ver van hierdie gehoor=saamheid verwyder wanneer ons daarvoor sou pleit om sonder reliëf voor die Woord van God te buig.[25] Die noodsaaklikheid word dan ook in die huidige diskussie beklemtoon om op die skopus van die Skrif te let.[26]

---

23) RIDDERBOS, Herman. Heilsgeschiedenis en Heilige Schrift van het Nieuwe Testament; het gezag van het Nieuwe Testament. Kampen, J. Kok, 1955. p. 109, 110.

24) BERKOUWER. De H.S. Dl. II, p. 96.

25) Ibid., p. 106.

26) Ibid., p. 87 ev.

Die Skrif kan alleen waarlik gelees, verstaan en verkondig word wanneer die sentrale gerigtheid daarvan duidelik in gedagte gehou word. Dan sal ons byvoorbeeld besef dat die feit dat die Evan=gelies nie 'n detailverhaal van Jesus se lewe gee nie, daaraan toe te skryf is dat dit 'n be=skrywing is vanuit 'n bepaalde doel, naamlik die oproep tot geloof. Vanuit hierdie doel is daar dan sprake van 'n ordenende werksaamheid van die Evangelis, wat 'n invloed het op vorm en inhoud.[27)]

Berkouwer beroep hom tot 'n groot mate op die standpunt van *Bavinck*.[28)] Laasgenoemde beklem=toon die feit dat die Skrifgeloof en die Skrif=gesag geen oomblik kan bestaan sonder om op die inhoud, die boodskap van die Skrif betrokke te wees nie.[29)] Wanneer die inhoud en die boodskap uit die oog verloor word, word die Skrifgesag ook reeds aangetas, al is daar miskien nog nie sprake van openlike Skrifkritiek nie maar slegs van "vervreemding", wat ook binne die mure van die kerk kan plaasvind.[30)]

* * * *

*H.N. Ridderbos* is ook daarvan oortuig dat daar alleen sinvol met die Skrif en al die teologiese

---

27) BERKOUWER. De H.S. Dl. II, p. 210.
28) Ibid., Dl. I, p. 38.
29) Ibid.
30) Ibid.

vrae rondom die Skrif omgegaan kan word, wanneer die doel van die Skrif in gedagte gehou word. Die eienskappe wat aan die Skrif toegeken word soos outoriteit (gesag), betroubaarheid, duide= likheid (perspicuitas) en genoegsaamheid (suf= ficientia), staan in die nouste verband met die doel en die natuur van die Skrif.[31)] Ook die teologiese definisie van hierdie eienskappe moet in verband gebring word met daardie doel. Wan= neer die teologie byvoorbeeld spreek van die perspicuitas Sacrae Scripturae, het dit 'n ge= kwalifiseerde betekenis. Die Skrif is naamlik duidelik met betrekking tot die doel waarmee dit aan ons gegee is.[32)] Ridderbos verwys dan onder andere na Ps. 19:8; Matth. 11:25 en I Kor. 1:26 ev.

Berkouwer gee te kenne dat hy dieselfde stand= punt as Ridderbos handhaaf in verband met die verhouding tussen die eienskappe en die doel van die Skrif, as hy sê dat ons nie oor die ge= sag van die Skrif kan spreek nie sonder om na te dink oor die doel waartoe die Skrif aan ons gegee is.[33)]

---

31) RIDDERBOS. Feilloosheid, onfeilbaarheid, auto= riteit. p. 59 & 60.

32) Ibid.

33) BERKOUWER, G.C. Het Schriftgezag. In De Bijbel in het geding; een bundel beschouwingen over Schriftkritiek en Schriftgezag. Onder red. van G.C. Berkouwer en A.S. van der Woude. Nijkerk, G.F. Callenbach, 1968. p. 8.

In 'n ander verband wys Ridderbos op die ontdek= king van die spesifieke gerigtheid van die Evan= gelies, naamlik die gerigtheid as kerugma, en bestempel hy hierdie ontdekking as 'n omwenteling in die Nuwe Testamentiese wetenskap.[34)]

* * * *

Ook *Kuitert* is van mening dat die beklemtoning van die doel van die Skrif noodsaaklik, legitiem en baie belangrik is. Hy noem die vraag in ver= band met die bedoeling van die Skrif dan ook die hoofvraag van sy werk, "Verstaat gij wat gij leest?"[35)] Wie die Skrif en sy bedoeling nie vanaf die begin met mekaar verbind nie kom vol= gens Kuitert onder die wet in plaas van onder die genade. Daarmee blokkeer hy die weg na die vryheid van Christus waartoe die Skrif ons juis wil roep.[36)]

Verder handhaaf Kuitert ook 'n soortgelyke op= vatting as Berkouwer en Ridderbos, naamlik dat die gesag van die Skrif nie gehandhaaf kan word buite die vraag na die bedoeling van die Skrif om nie.[37)]

---

34) RIDDERBOS. Heilsgesch. en H.S. p. 110.

35) KUITERT, H.M. Verstaat gij wat gij leest? over de uitleg van de Bijbel. 8e dr. Kampen, J.H. Kok, 1969. p. 49.

36) Ibid., p. 36.

37) Ibid., p. 43.

Om die doel van die Skrif voor oë te hou beteken dan vir Kuitert om die Bybel te lees as heils=boodskap van God, as getuienis van God se werk in die verskyning van Jesus Christus en daarom as beloftewoord vir mens en wêreld. Dit is vir Kuitert die allerbelangrikste stap wat ons moet neem as dit gaan om die verstaan en die vertol=king van die Skrif.[38)]

* * * *

Ons kan ook hier verwys na enkele uitsprake van *Bijlsma*. Die suiwer Skriftuurlike eksegese moet volgens hom juis daarop gerig wees om die eint=like bedoeling van die Skrif na te speur.[39)] Wanneer hy handel oor die Skrifgebruik in die Nuwe Testament, toon hy telkens aan hoedat daar dif=ferensiasie is in die Skrifgebruik, alles met die oog op die bereiking van 'n sekere doel. Historiese gegewens word byvoorbeeld telkens ondergeskik gemaak aan die Christologiese inter=pretasie.[40)] Elders praat Bijlsma van die heils=bedoeling van die Skrif en toon aan hoedat die opset, rangskikking en ordening van die stof, onder andere by die Evangelie van Matthéüs, juis daarop gerig is om hierdie bedoeling voorop te stel.[41)]

* * * *

---

38) KUITERT. Verstaat gij wat gij leest? p. 45.

39) BIJLSMA. Schriftgezag. p. 225.

40) Ibid., p. 47-67.

41) Ibid., p. 50 & 51.

*Rossouw* gee veral aandag aan die verhouding tussen die klaarheid van die Skrif en die skopus van die Skrif. Wat klaar is in die Skrif is volgens hom sy "res", sy skopus, sy sentrale boodskap.[42] Die skopus van die Skrif is die herstel van die gemeenskap tussen Skepper en skepsel en daarmee 'n herstel van die waaragtige Godskennis en die waaragtige selfkennis. Daarin dat die Skrif hierdie skopus verwerklik, waar=borg die Skrif sy eenheid.[43]

* * * *

Met verwysing na Joh. 5:39 en 20:31 verklaar *Bakker* dat elke ondersoek van die Skrif waarby jy die vraag na die skopus en daarmee na die getuieniskarakter van die Skrif verwaarloos, jou van die Skrif self verwyder.[44]

* * * *

Die laaste teoloog na wie ons hier verwys is *Bultmann*. Berkouwer toon aan hoedat die aandag van Bultmann vir die "adressaat" van die kerugma in die hermeneutiek, onlosmaaklik verbonde is met wat hy sien as die wese van die vertolking,

---

42) ROSSOUW. Klaarheid en interpretasie. p. 249.

43) Ibid.

44) BAKKER, J.T. Het gezag van de Schrift. In De Bijbel in het geding; een bundel beschouwingen over Schriftkritiek en Schriftgezag. Onder red. van G.C. Berkouwer en A.S. van der Woude. Nijkerk, G.F. Callenbach, 1968. p. 155.

naamlik die soek en vind van die eintlike bedoe= ling van die Skrif.[45] Die sogenaamde intensie= begrip waarby ons in aanraking kom met 'n diep- ingrypende probleem wat in allerlei vorme in die hermeneutiek aan die orde gewees het, het by Bultmann sentrale betekenis.[46]

* * * *

Ons het hierbo probeer aantoon, deur te verwys na die standpunte van enkele teoloë, dat die be= klemtoning van die skopus van die Skrif in die huidige teologiese besinning as 'n belangrike en hoogs-aktuele saak beskou word.[47] Daar is egter ook 'n ander faset van die huidige besinning, wat vir hierdie studie van groot belang is en waarop ons ten slotte in hierdie paragraaf die aandag vestig.

Daar heers naamlik, ook binne die kring van die Gereformeerde teologie, *geen eenstemmigheid* oor die presiese betekenis en funksionering van die skopusbegrip nie.

Die volgende uiteensetting van Berkouwer kan, as dit nie in die verband gelees word waarin dit voorkom nie, die indruk wek dat daar oor die sko=

---

45) BERKOUWER. De H.S. Dl. I, p. 167.

46) Ibid.

47) Dit was nie die bedoeling om hier kritiek te lewer op die standpunte van bogenoemde teoloë nie. Dit sal later in die studie aangetoon word dat daar gedagtes is waarmee ons nie kan saamstem nie.

pusbegrip juis die grootste mate van eenstemmig=heid bestaan in die teologiese besinning. Hy toon naamlik onder andere aan dat die skopusbegrip nie ontstaan het in 'n tyd waarin die binding aan die getuienis van die Skrif begin verswak het nie.[48] Dit blyk volgens hom duidelik dat daar in die kerk altyd wel 'n besef geleef het om in die ver=staan van die Skrif op die skopus te let, terwyl ook die woord wat hierop betrekking het allermins nuut is. Sowel in die prediking as in die ekse=gese, aldus Berkouwer, is voortdurend aandag gegee aan hierdie gerigtheid van die Skrif en het den=kers hulle intensief met hierdie skopus in die veelheid van woorde en sinne besig gehou.[49] Ons kan selfs sê dat vanuit die Skrif self hier=die skopusbegrip van beslissende betekenis is, omdat die Woord van God 'n menslik-verbale ge=stalte het wat nie anders verstaan en vertolk kan word nie as deur te let op gerigtheid en in=tensie.[50]

Wanneer ons hierdie uiteensetting van Berkouwer egter in sy verband lees, sien ons dat dit juis gerig is teen die opvatting dat die skopusgedag=te 'n vorm van 'n dualistiese Skrifbeskouing ver=teenwoordig.[51] Sodoende word die bogenoemde stelling oor die gebrek aan eenstemmigheid oor

48) BERKOUWER. De H.S. Dl. II, p. 95.
49) Ibid.
50) Ibid.
51) Ibid.

hierdie saak in die teologiese besinning dus inderdaad bevestig.

Ons gee nou kortliks aandag aan enkele van die belangrikste standpunte in hierdie verband.[52)]

In die eerste plek is daar die opvatting van die sogenaamde verontrustes in Nederland. Uit hier=die kring het daar in die laaste tyd verset en weerstand opgekom teen die genuanseerde Skrif=beskouing waarvan ons reeds herhaaldelik melding gemaak het.[53)] Hulle bepleit nie 'n simplisis=ties-nivellerende visie op die Skrif nie en wil self ook wel nuanseringe erken. Die protes gaan dus nie lynreg teen die skopusgedagte in nie, maar daar word blykbaar gevrees vir misbruik van die begrip in die rigting van 'n relativering van die gesag en betroubaarheid of onfeilbaar=heid van die Skrif.[54)]

Binne die kring waar hierdie verontrusting heers, ontstaan daar verder ook die vrees vir die on=derskeiding tussen sentrum en periferie, waaroor

---

52) Ook hier word daar nie gepoog om die betrokke saak volledig te behandel nie, maar word slegs insoverre dit van belang is vir die onderhawige studie daar=aan aandag geskenk.

53) Vergelyk ter oriëntering: BERKOUWER, G.C. Veront=rusting en verantwoordelijkheid. Kampen, J.H. Kok, 1969.

54) FÜRSTENBURG. Die skopus van die H.S. p. 202.

onder andere Bavinck in allerlei verbande nog so onbevange gespreek het.[55] Hierdie onderskeiding word nou gevaarlik geag, want die vraag word ge= vra wie moet uitmaak wat sentrum en wat periferie is.[56]

Dit is duidelik dat Berkouwer nie die verontrus= ting van bogenoemde groep deel nie. Hy wys daar= op dat baie van die teenswoordige verontrustes wat pleit vir 'n buig voor die Woord van God sonder om enigsins te besin of vrae te stel, in hulle opvatting van die inspirasie van die Skrif byvoorbeeld juis dwaal, deurdat hulle die spe= sifieke doel, die gerigtheid van die Skrif wat vroeër algemeen aanvaar is, uit die oog verloor.[57]

Aan die ander kant kan dit beslis nie ontken word nie dat die bestudering en beklemtoning van die skopusbegrip talle vrae oproep en die teologie voor baie gevare en probleme stel.

Daar is byvoorbeeld die gevaar dat die skopus van die Skrif willekeurig en subjektiwisties

---

55) BAVINCK, H. Gereformeerde Dogmatiek. Tweede hers. en verm. dr. Kampen, Bos, 1906. Vergelyk o.a. Dl. I, p. 409 & 583.

56) BERKOUWER. Verontrusting. p. 107; Vergelyk ook: BERKOUWER. Het Schriftgezag. p. 13.

57) BERKOUWER. Verontrusting. p. 109 & 110.

deur die teologie bepaal word. Dit bring ons by die standpunt van Kuitert wat ons insiens die teëpool vorm van die opvatting van die sogenaamde verontrustes.

Kuitert sê byvoorbeeld dat die doel van die Skrifte altyd is wat die Christenheid aanwys as die doel.[58] Hy sê ons staan hier onontkombaar voor die menslike wil en die rol van die mens, alhoewel hy tog sê dat ons glo in die aanwysing van die doel van die Skrifte, dat ons in die weg van die Heilige Gees wandel.[59] So word die gevaar van menslike willekeur sigbaar wanneer die doel van die Skrif op sodanige wyse gehanteer word dat dit moeilik is om uit te maak of dit die Skrif se gerigtheid of die mens se gerigtheid is wat op die voorgrond gestel word.[60]

Kuitert laat hom verder, in die aanwysing van die bedoeling van die Skrif, in 'n baie groot mate lei deur die teorieë van die moderne (en dikwels deur ongelowiges beoefende) wetenskap. So kom hy byvoorbeeld tot 'n ander siening ten opsigte van die dood as gevolg van die opvatting in die Biologie dat die dood 'n kreatuurlike

---

58) KUITERT. Verstaat gij wat gij leest? p. 65, 66.

59) Ibid.

60) BERKOUWER. De H.S. Dl. I, p. 180; Vergelyk ook o.a.: VELEMA, W.H. Aangepaste theologie. Amsterdam, Buijten en Schipperheijn, 1971. Onder andere p. 65 i.v.m. die subjektiwisme van Kuitert se opvatting.

gegewenheid is wat hoort by die lewe.[61] Ge=
volglik moet ons nou 'n ander opvatting huldig
oor die *bedoeling* van tekste soos Rom. 5:12 as
wat in die verlede gehuldig is.[62]

'n Ander aspek van Kuitert se standpunt, wat ons
insiens ook voortvloei uit die eensydige en ver=
keerde beklemtoning van die skopus van die Skrif,
is dat sekere dinge in die Skrif gerelativeer
en as van geen belang beskou word. Hy maak hom
byvoorbeeld nie moeg oor die historisiteit van
Adam nie en beskou hom bloot as 'n leermodel.[63]
Kuitert is duidelik versigtig om die volle kon=
sekwensies van Bultmann se standpunt in hierdie
verband te aanvaar.[64] Die vraag is egter of
Kuitert se standpunt nie ook per consequentiam
dieselfde behels as dié van Bultmann nie. Hy
bevraagteken byvoorbeeld die historisiteit van
sekere dinge in die Ou Testament, terwyl Bult=
mann die lyn net verder deurgetrek het na die
Nuwe Testament.

Die eensydige oorbeklemtoning van die skopus
van die Skrif kan ook lei tot die gedagte van
'n kanon binne die kanon.[65] Dit was ons in=
siens tot 'n groot mate die fout wat Luther ge=

---

61) KUITERT, H.M. Anders gezegd; een verzameling theologische opstellen voor de welwillende lezer. Kampen, Kok, 1970. o.a. p. 10, 141-151, 152-161.

62) Ibid., o.a. p. 144 ev.

63) KUITERT. Verstaat gij wat gij leest? p. 40 ev.; Vgl. ook: KUITERT anders gezegd. o.a. p. 57 ev.

64) KUITERT. Anders gezegd. p. 51 ev.

65) BAKKER. Het gezag van de Schrift. p. 155 ev.

maak het in die toepassing van sy opvatting dat alleen dié boeke kanoniek is, "was Christum treibet".[66)]

Ten opsigte van die skopus van die Skrif moet ook steeds gewaak word teen die gevaar dat die intensie van die Skrif die produk van 'n projek=sie word.[67)] Volgens Berkouwer het ons hier te doen met dié probleem van die dogmatiese eksegese en het veral Bultmann hom aan hierdie dwaling skuldig gemaak.[68)]

'n Laaste opvatting waaraan ons hier aandag gee, wil ons bestempel as dié opvatting wat die sko=pus van die Skrif onbevange wil bestudeer deur met eerbied en in gehoorsaamheid na die Skrif self te luister. Met hierdie uitgangspunt as basis word die vrae, probleme en gevare dan onbevrees aangedurf. Die eksponente van hierdie opvatting is naamlik oortuig dat die teologie hom nooit sal en kan distansieer van die intensie - of skopusvraag nie.[69)]

Die nuwere hermeneutiek laat volgens Berkouwer die uitsig verlore gaan op die sentrale gerigt=heid van die Evangelie, wat wel op die mens be=trokke is en bly, maar ook hermeneuties nie in

66) Vgl. o.a. RIDDERBOS. Heilsgesch. en H.S. p. 17, 64 ev.; BERKOUWER. De H.S. Dl. I, p. 121 & 122.

67) BERKOUWER. De H.S. Dl. I, p. 176.

68) Ibid., p. 167.

69) Ibid., p. 180.

sy struktuur en horison benader kan word vanuit die menslike eksistensie self nie, maar alleen vanuit die inhoud en gerigtheid van die Evange= lie self, wat nie die vrae van die vertolking sinloos maak nie, maar wel vry en soewerein, onafhanklik bly van so 'n hermeneutiek wat die kerugma konsekwent wil teken en fikseer as ant= woord op 'n vraag en daarna aan die vraag konsti= tutiewe betekenis toeken vir die bepaling van die skopus van die Skrif.[70)]

Die gerigtheid van die Skrif impliseer naamlik nie 'n begrensing deur menslike willekeur nie maar 'n verwysing na die onmisbare Goddelike te= leologie wat in die geïnspireerde Skrif vir alle oë sigbaar word.[71)] In plaas van 'n willekeurige reduksie is daar dus in die sentraliteit van die Skrif en die bestudering daarvan eerder sprake van 'n ontdekking van die rykdom van die één getuienis waarvan die Skrifte getuig.

Volgens hierdie opvatting kan alleen die regte beklemtoning en gebruik van die skopusbegrip ons ook vrywaar teen verval in Biblisisme, deurdat die Skrif dan nie gebruik sal word as wetboek waaruit reëls en voorskrifte vir elke situasie regstreeks afgelees kan word nie.[72)]

---

70) BERKOUWER. De H.S. Dl. I, p. 175.

71) Ibid., Dl. II, p. 100.

72) BIJLSMA. Schriftgezag. p. 84 ev.

Die beklemtoning van die skopus van die Skrif kan dus verhinder dat die Skrif "oorvra" word vanuit menslike vrae en probleemstellinge wat buite die gerigtheid van die Skrif lê.[73] Die aansprake van natuurwetenskaplike kant ten op= sigte van die ouderdom en ontstaan van die aarde en die mens het by die kerk en teologie juis die vraag na die eie aard en intensie van die Skrif, sy gesag en sy uitsprake gestimuleer, en was dus een van die aanleidende faktore wat gelei het tot 'n nuwe benadering van die Skrif.[74]

4. Die skopusbegrip in die onderhawige studie

In die studie wat hierna volg in verband met die skopus van die Skrif by Calvyn[75] sal deur= gaans dieselfde betekenis aan die begrip geheg word as wat hierbo in die eerste gedeelte van paragraaf 3 aangetoon is. Ons sal dus daarop let of daar by Calvyn sprake is van wat ons sou kan noem 'n genuanseerde Skrifbeskouing of -be= nadering. Verder sal ons nagaan of Calvyn in sy Skrifgebruik uitgaan van die gedagte dat die Skrif 'n spesifieke aard, karakter, tendens, bood= skap, gerigtheid, sentrum, ensovoorts openbaar. En in die laaste plek sal ons probeer vasstel of Calvyn die oortuiging gehuldig het dat daar

---

73) BERKOUWER. De H.S. Dl. I, p. 178.

74) FÜRSTENBURG. Die skopus van die H.S. p. 191.

75) Vergelyk Hoofstuk 2, paragraaf 2 in verband met die begrensing van die studiemateriaal.

'n spesifieke doelwit, oogmerk of bestemming is waarop die Skrif gerig en afgestem is.

## 5. Motivering van studie

Die vraag kan seker met reg gevra word waarom daar in hierdie studie juis aandag gegee word aan die betekenis en funksionering van die skopusbegrip by Calvyn. Dit het immers reeds in die vooraf= gaande paragrawe geblyk dat hierdie saak eers in die jongste tyd eksplisiet aandag geniet.

'n Belangrike motivering vir hierdie toespit= sing op Calvyn vind ons egter juis in die gebrek aan eenstemmigheid, die gevare, probleme en vrae verbonde aan die bestudering van die skopusbe= grip, soos ons dit hierbo in paragraaf 3 kort= liks aangetoon het. In die besinning, ook oor die Skrif, is daar in die Gereformeerde teologie nog altyd swaar geleun op die gedagtes van Calvyn. Hierby moet wel in gedagte gehou word dat die standpunt van Calvyn, of sekere uitsprake van hom, reeds talle kere in die geskiedenis mis= bruik is om een of ander teologiese standpunt te sanksioneer. Ons kan maar net hier verwys na die radikaal-uiteenlopende konklusies wat deur Cramer en De Groot gemaak is ten opsigte van die inspirasie van die Skrif, albei met 'n beroep op Calvyn.[76] Dit neem egter nie die

---

76) CRAMER, J.A. De Heilige Schrift bij Calvijn. Utrecht, Oosthoek, 1926; DE GROOT, Douwe Johannes. Calvijns opvatting over de inspiratie der Heilige Schrift. Zutphen, Nauta, 1931.

feit weg nie dat dit steeds die moeite loon en ook beslis noodsaaklik is om in die teologiese besinning te vra na die gedagtes van Calvyn. Floor wys daarop dat dit veral in ons eksege= tiese arbeid, wat die basis behoort te vorm van al ons teologiese arbeid, noodsaaklik is om die hermeneutiese beginsels wat deur Calvyn toegepas is te bestudeer.[77)]

Calvyn was 'n Skrifteoloog by uitstek. In sy hele dogmatiese arbeid het dit gegaan om 'n suiwer vertolking van die Skrif.[78)] Daarom is dit belangrik en noodsaaklik dat aandag gegee word aan Calvyn se Skrifbeskouing.[79)] En dit is waarom dit in hierdie studie gaan: die be= ligting van 'n aspek van die Skrifbeskouing van Calvyn waaraan tot dusver weinig aandag geskenk is.

---

77) FLOOR, L. Calvyn se hermeneutiek in sy betekenis vir ons tyd. In In die Skriflig; tydskrif van die Gereformeerde Teologiese Vereniging. jg. 4, no. 14, Junie 1970.

78) ZICHT op Calvijn (door) J. van Genderen (e.a.). Amsterdam, Buijten & Schipperheijn, 1965, p. 27 & 28.

79) Die standpunt word gehuldig dat daar nie gepraat kan word van die Skrifbeskouing van Calvyn nie, maar slegs van sy Skrifgebruik, bedoelende daar= mee dat Calvyn nie 'n volledig-uiteengesette leer oor die Skrif opgestel het nie, soos ons dit vandag ken. Wanneer ons egter hier die term Skrifbeskouing gebruik, bedoel ons daarmee sy beskouing soos dit in die teologiese besinning uit al sy geskrifte geabstraheer is.

## 6. Probleemstelling en begrensing

Ons het reeds hierbo terloops daarop gewys dat Calvyn in die loop van die eeue voor baie teoloë se karretjies gespan is om hulle standpunt te sanksioneer.[80] Daar sal beslis ook in hierdie studie gewaak moet word teen die gevaar om al= lerlei gedagtes by Calvyn in te lees wat nooit werklik in sy teologiese besinning 'n rol ge= speel het nie. Ons moet naamlik nie uit die oog verloor nie dat baie van die huidige pro= bleemstellinge vreemd was aan die tyd van Calvyn.[81] En wie meen om al die antwoorde op vandag se pro= bleme by die reformatore te vind doen niks an= ders nie as om die geskiedenis subjektief in te kleur.[82]

Ons word ook verder tot versigtigheid gemaan wanneer ons daaraan dink dat Calvyn nie 'n af= sonderlike geskrif of hoofstuk aan 'n volledig-uiteengesette Skrifbeskouing gewy het nie. So kan ons byvoorbeeld nie praat van 'n inspirasie= leer of inspirasieteorie by die reformatore nie.

---

80) BREMMER, R.H. De Heilige Schrift als Woord Gods (naar aanleiding van G.C. Berkouwer: De Heilige Schrift I). In In die Skriflig; tydskrif van die Gereformeerde Teologiese Vereniging. jg. 1, no. 1, Oktober 1966. p. 17.

81) SCHULZE, L.F. Die Skrifbeskouing van die refor= matore. In In die Skriflig; tydskrif van die Gereformeerde Teologiese Vereniging. jg. 4, no. 13, Maart 1970. p. 29.

82) Ibid.

Dit sou 'n skewe historiese beeld skep.[83] Net so vind ons ook nêrens 'n aparte toespitsing op die skopus van die Skrif nie. Die gevolg is dat ons uit terloopse en verspreidliggende uit=sprake van Calvyn afleidinge moet maak ten op=sigte van sy beskouing van die Skrif. En dan is die gevaar beslis nie denkbeeldig nie dat ons gedagtes by Calvyn probeer vind wat in sy gedag=tewêreld nie bestaan het nie.

Uit wat hierbo gesê is, mag egter nooit afgelei word dat die Reformasie vir ons niks te sê het nie, ook wat die huidige besinning betref. Ons het inderdaad in die reformatoriese denke met rigtinggewende impulse te doen wat vir ons, wat in die reformatoriese tradisie staan, in die huidige probleme nog die rigting kan aanwys waarin ons moet trag om die probleme op te los.[84] Die gevare en probleme wat hierbo aangetoon is, moet alleen maar dien tot vermaning en waarsku=wing dat ons sonder pretensie en onbevooroor=deeld moet luister na wat die reformatore aan ons wil sê.

Die taak wat daar dus in hierdie studie op ons wag, is om so objektief moontlik na te gaan of, en indien wel in hoeverre, daar by Calvyn sprake is van die funksionering van die skopus van die Skrif.

* * * *

---

83) SCHULZE. Die Skrifbeskouing van die reformatore. p. 29.

84) Ibid.

Nou het ons dit nodig gevind om by die bestude= ring van die skopus van die Skrif by Calvyn 'n begrensing te stel ten opsigte van die studie= terrein. Soos ook uit die onderwerp van hierdie studie blyk, is die verkenning beperk tot sekere hoofstukke uit die Institusie van Calvyn. Die spesifieke hoofstukke waaraan intensiewe aandag gegee is, behels al die hoofstukke van die eerste twee boeke van die finale uitgawe van die Insti= tusie.

Die belangrikste rede vir hierdie begrensing vind ons in die oortuiging dat daar uit die in= houd van die eerste twee boeke van die Institu= sie voldoende en legitieme afleidings en kon= klusies gemaak kan word in verband met die onder= hawige saak. Dit beteken nie dat die bestudering van die res van die Institusie en die ander ge= skrifte van Calvyn oorbodig sou wees nie. Dit beteken alleen maar dat dit wat in die res van die Institusie en die ander geskrifte gevind sou kon word, ons insiens sou dien tot bevesti= ging en uitbreiding van dit wat in die eerste twee boeke van die Institusie reeds gevind is.

* * * *

Ons het hierbo die opmerking gemaak dat die finale uitgawe van die Institusie gebruik is. Dit is die bekende uitgawe van 1559 wat ook aan Calvyn self volkome voldoening verskaf het,

anders as die vorige uitgawes.[85] Ons kan aan=neem dat ons in hierdie uitgawe te doen het met die finale standpunt van Calvyn.

Die toespitsing op die Institusie is nie gedoen omdat die Institusie as belangriker beskou word as die ander werke van Calvyn nie. Teen sodanige opvatting het De Groot reeds tereg gewaarsku.[86] Aan die ander kant moet ons tog in gedagte hou dat Calvyn self aan die Institusie 'n besondere plek gegee het. Hy het dit beskou as sy hoof=werk waaromheen hy al sy ander werke gegroepeer het.[87] In die Institusie in sy finale uitgawe het ons 'n kompendium van Calvyn se hele leer, waarin inhoudelik sy hele teologie te vinde is.[88]

Daar is deurgaans gebruik gemaak van die Neder=landse vertaling van die Institusie deur Dr. A. Sizoo.[89] Waar nodig geag is ook verwys na

---

85) IOANNES CALVINUS Lectori: "Etsi autem laboris tunc impensi me non poenitebat, nunquam tamen mihi satisfeci, donec in hunc ordinem qui nunc proponitur digestum fuit".

86) DE GROOT. Calvijns opvatting over de inspiratie. p. 8 ev.

87) Ibid., p. 9.

88) DE KROON, M.J.J.P. De eer van God en het heil van de mens; bijdrage tot het verstaan van de theologie van Johannes Calvijn naar zijn Insti=tutie. Roermond, Romen, 1968. p. 15.

89) CALVIN, Jean. Institutie of onderwijzing in de Christelijke godsdienst; le dl. (boek 1 en 2). Uit het Latijn vert. door A. Sizoo. 5e druk. Delft, Meinema, s.j.

die oorspronklike teks van die Institusie, en dan is gebruik gemaak van die uitgawe van 1864 deur Baum, Cunitz en Reuss.[90] Wat die res van hierdie verhandeling betref, sal daar by verwy=sings na die Institusie slegs die boek, hoof=stuk en paragraaf vermeld word.

* * * *

Die bedoeling is nou om in die studie wat hier=na volg, met behulp van aanhalings uit en ver=wysings na uitsprake van Calvyn in die eerste twee boeke van die Institusie, in te gaan op die moontlikheid en die wyse van die funksionering van die skopusbegrip en -gedagte by Calvyn.

---

90) CALVIN, Jean. Opera quae supersunt omnia; ad fidem editionum principum et authenticarum ex parte etiam codicum manu scriptorum. Ediderunt: Guilielmus Baum, Eduardus Cunitz et Eduardus Reuss. V. 2. Brunsvigae, Schwetschke, 1864.

## HOOFSTUK 2

## AANWESIGHEID VAN DIE SKOPUSGEDAGTE BY CALVYN

Ons beoog om in hierdie hoofstuk veral na te gaan of daar by Calvyn, wat sy Skrifgebruik en Skrifbenadering betref, die gedagte bestaan dat die Skrif met 'n bepaalde skopus, doel, ge=rigtheid, sentraliteit, inhoud, gegee is.

### 1. Die Institusie van Calvyn

Calvyn het nie sy Institusie geskryf om ver=standsgimnastiek te beoefen of allerlei slim=mighede kwyt te raak nie. Die uitsluitlike oogmerk van die arbeid in die Institusie was om diegene wat hulle beywer vir die studie van die Godgeleerdheid, vir die lees van die Woord van God, so voor te berei en te onderrig, dat hulle daartoe 'n gemaklike toegang kan hê en hulle daarin sonder moeite kon verdiep.

"Immers ik heb, naar ik meen, de hoofdsom van de godsdienst in alle delen zo saamgevat en in zulk een orde gesteld, dat, indien iemand die hoofdsom juist heeft gevat, het hem niet moeilijk valt vast te stellen, wat hij vooral moet zoeken in de Schrift en tot welk doel hij al wat in haar vervat is, moet richten".[1]

Calvyn wou dus aan die mense leiding gee by die lees van die Skrif.[2] Sodoende wil hy ver=

---

1) Johannes Calvinus aan de lezer.

2) VAN GENDEREN. In Zicht op Calvijn, p. 14.

hoed dat die Skrif verkeerd geïnterpreteer word, deurdat die leser nie weet wat hy spesifiek daarin moet soek en hoe hy dit moet vind nie.[3)]

Die Institusie wil geen interessante en diep= sinnige gedagtes oor God, die mens, die wêreld, oor Christus en die kerk na vore bring nie maar wil 'n uitlegging wees van die Heilige Skrif.[4)] Calvyn wil in die Institusie die kerk van alle eeue daarop wys, dat sy taak nie bestaan in die voortbring van interessante gedagtes nie maar in die gehoorsame luister na die Woord.[5)]

Calvyn wou in die Institusie, onder andere teenoor die talle ketterye van sy tyd, vasstel wat die Bybel presies sê.[6)] Hy wou 'n antwoord bied op die vraag, waarvoor ons werklik moet soek in die Skrif.[7)] En sodoende wou hy aan= toon, as sekondêre doel, dat hy en diegene wat dieselfde opvatting huldig, nie die Skrif ver= draai nie, maar dat hulle belydenis in ooreen= stemming is met wat die Skrif self sê.[8)]

---

3) WENDEL, Francois. Calvin; the origins and deve= lopment of his religious thought. Tr. by Philip Mairet. London, Collins, 1963. p. 148.

4) VAN GENDEREN. In Zicht op Calvijn, p. 35.

5) Ibid.

6) Ibid., p. 24.

7) WENDEL. Calvin, p. 153.

8) Vergelyk onder andere die brief van Calvyn aan koning Franciscus van Frankryk, wat die Insti= tusie vergesel het.

Die ooreenkoms tussen bogenoemde doelstellings van die Institusie, naamlik om 'n antwoord te soek op die vraag waarvoor ons moet soek in die Skrif en wat die Skrif eintlik wil sê, en die vrae wat in die huidige besinning oor die skopus van die Skrif prominent na vore tree, val on=middellik op. Daar word vandag, in die poging tot presisering van die betekenis van die sko=pusbegrip, 'n antwoord gesoek op die vrae:
Wat wil die Heilige Skrif wees, wat wil dit bied en wat wil dit bereik?[9)]

Dit wil dus voorkom asof Calvyn, by die uiteen=setting van die oogmerke van die Institusie, al sou dit implisiet wees, rekening gehou het met die bepaalde aard en struktuur van die Skrif self.[10)] En die beklemtoning van die aard en struktuur van die Skrif, is in wese ook 'n beklemtoning van die spesifieke skopus van die Skrif.

## 2. Genuanseerde Skrifbeskouing en Skrifbenadering

By die nadere omlyning van die konnotasie wat aan die begrip skopus van die Skrif geheg word, het ons vasgestel dat die huidige genuanseerde Skrifbeskouing en -benadering 'n bepalende faktor is.[11)] Hierdie benadering laat die klem

---

9) FÜRSTENBURG. Die skopus van die H.S. p. 193.

10) Ibid.

11) Vergelyk hierbo Hoofstuk 1, paragraaf 3.

sterk val op die inhoudelike van die Skrif en het ook 'n oop oog vir die spesifieke aard en eiesoortigheid van die Skrif en sy eienskappe.[12)]

Die bedoeling is nou om in hierdie paragraaf vas te stel of ons ook van Calvyn se Skrifgebruik kan praat as 'n genuanseerde Skrifgebruik.

* * * *

Ons wil hier in die eerste plek verwys na die tipiese beskeidenheid van Calvyn.[13)] Hy was nooit bereid tot enige gissing of ydele speku= lasie oor dinge waaroor die Skrif swyg nie. In sy hele teologiese arbeid wou hy slegs verklaar en vertolk wat die Skrif self sê.

Hierdie beskeidenheid van Calvyn tree ook na vore in sy Institusie en dui ons insiens onmis= kenbaar op 'n genuanseerde Skrifbeskouing.

Calvyn aanvaar die Skrif as die gesagvolle Woord van God. Tog tref dit ons telkens dat hy nie van die Skrif 'n antwoord verwag op al ons menslike vrae nie. So verklaar hy, wanneer hy handel oor die Drie-eenheid van God:

"Indien ooit elders in de verborgen geheime= nissen der Schrift ingetogen en met grote ma= tigheid moet worden gefilosofeerd, dan zeker

---

12) FÜRSTENBURG. Die Skopus van die H.S., p. 189.

13) Vergelyk onder andere DE KROON. De eer van God en het heil van de mens, p. 22 ev.

hier; waarbij ook grote voorsichtigheid moet worden in acht genomen, dat de gedachte of de tong niet verder gaat, dan het gebied van Gods Woord zich uitstrekt. Want hoe zou de mense= lijke geest naar zijn maatstaf het oneindige Wezen Gods kunnen afbakenen, terwijl hij niet eens met sekerheid heeft kunnen vaststellen, hoe het lichaam der zon is, dat toch dagelijks met de ogen aanschouwd wordt? ......................
Laat ons daarom gaarne aan God de kennis van zichzelf overlaten".[14)]

Wat die Skrif nie openbaar nie, bly vir ons 'n verborgenheid en 'n misterie en daarvoor moet ons swyg.[15)]

Alles wat ons nodig het, is immers geopenbaar in die Skrif. Daarom moet ons daarop let dat ons ons by die lees van die Skrif voortdurend moet besig hou met die soeke na en oordenking van die dinge wat tot opbouing dien en nie toe= gee aan nuuskierigheid of die najaag van sin= lose dinge nie. En omdat die Here ons wou on= derrig, nie in onbeduidende kwessies nie, maar in die waaragtige vroomheid, in die vrese van sy Naam, in ware vertroue en in die pligte van die heiligheid, daarom moet ons in die kennis van die Skrif berus.[16)]

---

14) Inst. I, XIII, 21.
15) Inst. I, XIII, 18, 19.
16) Inst. I, XIV, 4.

Daar is ook nog talle ander plekke waar Calvyn dit baie pertinent stel, dat ons liewer moet swyg voor die verborgenheid van God. Dit pas ons nie om allerlei vrae te vra oor die engele nie[17)] maar ons moet liewer waak teen nuuskierig=heid in ons ondersoek en teen stoutmoedigheid in ons spreke. Dieselfde geld vir ons kennis aangaande die demone,[18)] of aangaande die vraag, waarom God toegelaat het dat die mens in sonde val.[19)] Net so moet ons swyg voor die verbor=genheid aangaande die wyse waarop God hierdie wêreld bestuur,[20)] of aangaande die middelaars=werk van Christus, sy vleeswording[21)] en ons vereniging met Hom.[22)]

Ons vertrou dat bogenoemde verwysings na uit=sprake in die eerste twee boeke van die Insti=tusie voldoende is om te wys op Calvyn se ge=nuanseerde Skrifbeskouing, in dié opsig, dat hy die Skrif nooit wou "oorvra" nie, maar liewer wou swyg voor die verborgenheid van God. Hier=die selfde afleiding is ook gemaak deur onder andere Wendel[23)] en Cramer,[24)] eersgenoemde met

---

17) Inst. I, XIV, 8.
18) Inst. I, XIV, 16.
19) Inst. I, XV, 8.
20) Inst. I, XVII, 2.
21) Inst. II, XII, 5.
22) Inst. II, XII, 7.
23) WENDEL, Calvin, o.a. p. 270, 271, 288, 289.
24) CRAMER. De Heilige Schrift bij Calvijn, o.a. p. 84 ev.

verwysing na die derde boek van die Institusie, en laasgenoemde hoofsaaklik met verwysing na kommentare van Calvyn.

Runia sien 'n direkte verband tussen hierdie swye voor die verborgenhede van God en die be= klemtoning van die skopus of besondere doel van die Skrif:

"De geschriften, waaruit onze Bijbel bestaat, zijn niet aan de kerk gegeven om ons alle moge= lijke informatie te geven over allerlei interes= sante dingen of werkelijkheden, waar we anders niets van zouden weten. Bv. informatie over God, over engelen en demonen, over een boven= natuurlijke wereld, over het hiernamaals, ens. Ongetwijfeld ontvangen we hierover inlichtingen, want de Bijbel spreekt over al deze zaken, maar deze informatie is altijd geheel bepaald door het bijzonder doel, waarvoor de Bijbel zelf is gegeven".[25)]

* * * *

Calvyn is dan ook oortuig dat diegene wat enig= iets by die bestaande Evangelie voeg, afbreuk doen aan sy gesag:

"Intussen blijft dit vast, dat door de door Hem aangebrachte volmaaktheid der leer een

25) RUNIA, K. Het gezag van de Schrift. In In die Skriflig; tydskrif van die Gereformeerde Teo= logiese Vereniging, jg. 4, no. 13, Maart 1970. p. 13.

eind gemaakt is aan alle profetieën, zodat zij, die met het evangelie niet tevreden, iets van buiten af daaraan toevoegen, aan zijn gezag afbreuk doen".[26)]

En met verwysing na I Kor. 2:2 verklaar hy:

"En dat is volkomen waarachtig, want het is niet geoorloofd buiten de eenvoudigheid van het evangelie te gaan. En hiertoe dient de profe= tische waardigheid in Christus, dat wij zouden weten, dat in de hoofdsom der leer, die hij geleerd heeft, alle factoren der volmaakte wijsheid besloten zijn".[27)]

Dit is opmerklik dat Calvyn, onder andere in bo= genoemde aanhalings, die volmaaktheid van die leer en die volledigheid daarvan baie sterk be= klemtoon. Elders stel hy dit met ewe veel klem as sy oortuiging dat daar van God se kant 'n sekere aanpassing aan ons begripsvermoë is. Omdat ons swakheid nie kan reik tot sy hoogheid nie, moet die beskrywing wat van Hom gegee word, neerdaal tot die mate van ons verstand om deur ons begryp te word.[28)] So verklaar hy ook, wanneer hy handel oor die wyse waarop Christus die amp van Verlosser vervul het, dat alles wat die Skrif daaroor sê, gesê word na die swakheid van ons begrip, maar dat dit tog juis is.[29)]

26) Inst. II, XV, 2.

27) Inst. II, XV, 2.

28) Inst. I, XVII, 13.

29) Inst. II, XVI, 3.

Hierdie twee sake, naamlik die volmaaktheid van die openbaring aan die een kant, en die aange=pastheid daarvan aan ons begripsvermoë aan die ander kant, is geensins in stryd met mekaar nie, mits ons maar die spesifieke aard en eiesoortig=heid van die Skrif voortdurend in gedagte hou. Die leer van die Skrif is naamlik volmaak in dié sin dat dit alles bevat wat ons nodig het tot ons saligheid, en nie volmaak in dié sin van bo die mens verhewenheid nie. Aan die ander kant is die Skrif wel so gegee dat dit vir ons sondige en gebrekkige begripsvermoë bevatlik is, maar dit beteken nie dat dit wat die Skrif sê, onjuis of inadekwaat is nie.

Ons is oortuig dat die stelling wat Runia maak ten opsigte van die gesag van die Skrif, ook die oortuiging van Calvyn weergee, en dat dié stelling ook van toepassing is op die ander eienskappe van die Skrif, soos byvoorbeeld sy genoegsaamheid, klaarheid of deursigtigheid, ensovoorts. Runia maak naamlik dié stelling dat die gesag van die Skrif 'n gekwalifiseerde gesag is. Dit is bepaal deur die relasie tot die inhoud en die doel van die Skrif, naamlik om verkondiging te wees van God se groot dade.[30)]

Ons moet dan ook by die lees en die bestudering van die Skrif met hierdie feit baie deeglik rekening hou, dat die Skrif inhoudelik afstuur

30) RUNIA. Het gezag van de Schrift, p. 17.

op 'n bepaalde doel:

"... ik zal er mij mee tevreden stellen als het ware een korte inhoudsopgave voor te leggen, opdat vrome harten, daardoor ingelicht, mogen weten, wat ze voornamelijk in de Schriften aan=gaande God moeten naspeuren, en opdat ze zich bij dat onderzoek op een vast doel mogen richten".[31]

Kantzer benadruk ook hierdie feit, dat dit Calvyn se oortuiging was dat die Skrif korrek geïnterpreteer en toegepas moet word ten einde sy doel in die verlossing van die mens te kan bereik.[32]

Calvyn lê ook klem daarop dat die sin van die Skrif voortdurend in gedagte gehou moet word. Dit is byvoorbeeld die dwaling van diegene wat ten gunste is van beeldeverering dat hulle die sin van die Skrif verdraai.[33]

* * * *

---

31) Inst. I, X, 1.

32) KANTZER, Kenneth S. Calvin and the Holy Scrip=tures. In WALVOORD, John F. Inspiration and interpretation. Grand Rapids, Mich., Eerdmans, 1957. p. 152.

33) Inst. I, XI, 15.

*Samevattend* kan ons konkludeer dat gegewens in die eerste twee boeke van die Institusie bevestig dat daar by Calvyn beslis sprake is van 'n genuanseerde benadering van die Skrif.

## 3. Erkenning van die skopus

Ons wil in hierdie paragraaf veral vasstel of daar by Calvyn enigsins sprake is van die aanwesigheid van die skopusgedagte.

In die *eerste plek* kan hier verwys word na 'n hele aantal uitsprake van Calvyn wat daarop dui dat die hele Skrif, of 'n gedeelte van die Skrif, of 'n bepaalde openbaring van God, met 'n spe= sifieke doel gegee is, 'n bepaalde effek wil bereik, of 'n sekere bedoeling weerspieël.

Calvyn stel dit uitdruklik as sy oortuiging dat die kennis van God, wat aan ons in die Skrif geopenbaar word, tot *geen ander doel* dien nie as die kennis wat ook in die skepsele uitgedruk is.[34] Hierdie kennis nooi ons naamlik eers tot die vrese van God en daarna tot vertroue op Hom, *sodat* ons, èn deur volkome regskapenheid van lewe èn deur ongeveinsde gehoorsaamheid Hom leer dien en ook leer om geheel van sy goedheid afhanklik te wees.[35]

---

34) Inst. I, X, 2. "Porro non in alium scopum destinatur ..."

35) Inst. I, X, 2.

Dit is opmerklik dat Calvyn hier in die oor= spronklike teks die woord "scopus" gebruik het. Hierdie woord is dan ook tereg deur Sizoo met "doel" vertaal. Die woordeboek van Lewis en Short dui die betekenis van "scopus" ook aan as "goal" of "target".[36)]

Die Skrif is, wat die inhoudelike betref, so ingeklee om ons tot die ware God te lei, deur= dat die heidense gode uitdruklik uitgesluit en verwerp word.[37)] Ons sou die Latynse teks hier ook kon vertaal met: "sodat dit tot die ware God lei", of, "met die doel om tot die ware God te lei".

Hierdie selfde gedagte van die doelgerigtheid waarmee die Skrif deur God ingegee is, kom ook duidelik na vore in 'n ander uitspraak, waar Calvyn sy lesers opwek om te bly binne die omgrensing van die Woord, waarmee God ons *wou* omgewe, om so as't ware ons verstand in te bind, *sodat* dit nie sou afdwaal nie.[38)] En op 'n ander plek, in dieselfde hoofstuk van die Institusie, stel Calvyn dit nog meer eks= plisiet:

---

36) LEWIS, C.T. and SHORT, C. A Latin dictionary, founded on Andrew's edition of Freund's Latin dictionary. Rev., enl., and in great part re= written by C.T. Lewis and C. Short. Oxford, Clarendon Press, 1896, p. 1646.

37) Inst. I, X, 3. "... ut ad verum Deum nos diri= gat, ..."

38) Inst. I, XIV, 1. "..., quibus nos circumscribere Deus voluit, ... ne vagandi licentia diffluerent".

"Wat de Schrift aangaande de duivelen leert, is bijna steeds *hierop gericht*, dat wij vol opmerkzaamheid zouden zijn om ons te hoeden voor hun listen en lagen, als ook dat wij ons met zulke wapenen zouden toerusten, die sterk en krachtig genoeg zijn om zulke zeer machtige vijanden te verjagen".[39]

Die werkwoord "tendo", wat hier in die Latynse teks gebruik is, kan onder andere vertaal word met: "to aim", "strive", "tend", "be directed".[40]

Calvyn wy die res van die paragraaf, waaruit bogenoemde aanhaling kom, daaraan om sy bewe= ring aangaande die gerigtheid van die Skrif toe te lig en te staaf met verwysings na en verklarings uit die Skrif self, wat weer eens daarop dui dat Calvyn hom weerhou van spekula= sie maar slegs wil weergee wat die Skrif self sê.[41] En in die volgende paragraaf gaan hy voort om aan te toon dat alles wat die Skrif in verband met die duiwels meedeel, gerig is op 'n bepaalde doel.[42]

---

39) Inst. I, XIV, 13. "Quae de diabolis scriptura tradit, eo fere tendunt omnia ..."

40) LEWIS and SHORT, p. 1852/3.

41) Inst. I, XIV, 13.

42) Inst. I, XIV, 14.

Net so gee die Skrif uitdruklik sekere uitspra= ke met die doel om te verseker dat die mens die beskikking van God, tot in die kleinste dinge= tjies, goed sal begryp en aanvaar.[43)]

God wil ook 'n bepaalde doel of effek bereik, nadat eers die inhoud van die Skrif bestudeer is. So moet ons uit die Skrif leer en ondersoek wat God behaag, *sodat* ons onder die leiding van die Heilige Gees daarheen mag streef.[44)]

In dieselfde hoofstuk verwys Calvyn na 'n aan= tal tekste wat beloftes bevat in verband met die voorsienigheid van God. En dan maak hy die volgende opmerking:

"Ja zelfs is dit het *voornaamste doel* in de Bijbelse geschiedenissen, dat ze leren, dat de wegen der heiligen met zo grote naarstigheid door de Here bewaakt worden, dat ze zelfs hun voet niet aan een steen stoten".[45)]

Calvyn gebruik hier weer die woord "scopus", sodat ook hierdie aanhaling onmiskenbaar daarop

---

43) Inst. I, XVI, 6. "Porro quo magis exprimeret scriptura, ..." (ons het hier met 'n qui finale te doen, wat gebruik word in plaas van ut, as daar in 'n doelsin 'n comparativum van 'n adj. of adv. staan).

44) Inst. I, XVII, 3. "... ut spiritu duce illuc nitantur".

45) Inst. I, XVII, 6. "Quin etiam hic potissimus est scopus in historiis biblicis ..."

dui dat die skopusgedagte wel by hom aanwesig was.

Ander uitsprake van Calvyn dui daarop dat hy die mening gehuldig het, dat die Skrif nie net inhoudelik op 'n bepaalde doel gerig en afge= stem is nie, maar dat God met dit wat in die Skrif gegee is, ook 'n bepaalde effek wil be= reik. So gaan Calvyn byvoorbeeld in op die vraag *waartoe* die vermaninge in die Skrif gegee is.[46) Die woord "quorsum" wat hier deur Cal= vyn gebruik is, het ook onder andere die bete= kenis van: "to what purpose?","to what end?", "with what view?", "for what?".[47) Calvyn konkludeer dan ook dat die vernaamste nut van die vermaninge waargeneem moet word by die ge= lowige. Want, soos die Here alles in hom deur sy Gees werk, so verontagsaam Hy ook nie die werktuig van sy Woord nie en Hy gebruik sy Woord nie sonder werkdadigheid nie.[48)

Dieselfde vraag word ook gevra ten opsigte van die wet van God, en in die beantwoording van hierdie vraag praat Calvyn telkens van die doel

---

46) Inst. II, V, 5. "Quorsum ergo exhortationes?"

47) LEWIS and SHORT, p. 1519.

48) Inst. II, V, 5. "... ita verbi sui instrumentum non praetermittit, et illud ipsum non sine efficacia usurpat".

van die wet, of die gerigtheid daarvan.[49]

Calvyn gee besonder baie aandag aan die wet en ons sou kon verwys na talle uitsprake wat daar=op dui dat die wet met 'n bepaalde doel gegee is. So is die wet daarop gerig dat ons ons tot God sal bekeer;[50] die wet is gegee tot ons saligheid;[51] hy maak ook telkens melding van die bedoeling van die hele wet of die afsonder=like gebooie,[52] en dan gebruik Calvyn in die oorspronklike teks die woord "finis", wat onder andere vertaal kan word met "an end", "purpose", "aim","object".[53]

In verband met die bedoeling van die wet en die afsonderlike gebooie, maak Calvyn dan dié in=siggewende en belangrike opmerking dat in die gebooie steeds meer geleë is as wat in die woorde uitgedruk word.[54] Hy stel dit egter baie pertinent dat ons deeglik moet ondersoek in hoeverre ons uitlegging buite die begrensing van die woord mag gaan:

---

49) Inst. II, VIII, 51. "Quorsum vero spectet lex universa ... Nec cessabat eadem occinere illis quoties indicandus erat legis scopus".

50) Inst. II, V, 8.

51) Inst. II, VII, 7.

52) Inst. II, VIII, 8. "... ceu finem, ... ut prae=cepti quinti finis est ..."

53) LEWIS and SHORT, p. 752.

54) Inst. II, VIII, 8.

"... opdat blijke, dat aan de Goddelijke wet niet uit de menselijke uitleggingen een aanhang=sel toegevoegd is, maar dat de zuiwere en ware *bedoeling* van de Wetgever getrouwelijk is weer=gegeven. Voorzeker doen zich in bijna alle ge=boden aanduidingen voor van het geheel door het deel en wel zozeer, dat hij zich terecht be=lachelijk zou maken die de bedoeling der wet zou willen beperken tot de enige betekenis der woor=den. Het is dus duidelijk dat een bezonnen uit=legging der wet de woorden te buiten gaat; maar tot hoever ze dat doet blijft duister, tenzij er enige maat bepaald wordt. Ik ben dus van oordeel, dat deze maat de beste zal zijn, wan=neer ze geregeld wordt naar gelang van het ge=bod, en wel dat bij ieder gebod overwogen wordt waarom het ons gegeven is".[55] (Kursivering van my - C.F.C.C.).

Ons volstaan, wat die uitsprake in verband met die gerigtheid van die hele Skrif betref, met 'n aanhaling in verband met die openbaring aan gaande die engele, waarin Calvyn dit nogeens uitdruklik en eksplisiet stel dat alles wat in die Skrif gegee is, gerig is op 'n bepaalde doel:

"Daarom laat ons al wat gezegd wordt over de dienst der engelen tot dit *doel richten*, dat, met overwinning van alle gemis aan vertrouwen,

55) Inst. II, VIII, 8.

onze hoop op God des te sterker bevestigd wordt".[56] (Kursivering van my - C.F.C.C.).

* * * *

Behalwe bogenoemde uitsprake, wat merendeels betrekking het op die hele Skrif of 'n gedeelte daarvan, is daar egter in die *tweede plek* ook uitsprake waarin Calvyn die gerigtheid of bedoe= ling van bepaalde afsonderlike tekste aantoon. So is die bedoeling van Rom. 3:10 om die mens te leer dat hy onder die las van die onontkom= bare ellende sit;[57] Jer. 17:5, Ps. 147:10 ev., Jes. 40:29 het die bedoeling dat ons nie op ons eie krag moet steun nie;[58] Esegiël 11:19 en 36:27 is gegee met die bedoeling dat ons inder= daad in die gebooie van God moet wandel;[59] tekste soos Hosea 5:15 wil die effek bereik dat die volk hom sal verootmoedig;[60] in Gen. 4:7 is dit God se bedoeling om die onregverdigheid van die afguns van Kaïn teen Abel te bestraf;[61] in verband met Rom. 9:16 toon Calvyn onder andere aan dat die dwalendes telkens die be= doeling van die Bybelteks verontagsaam.[62]

---

56) Inst. I, XIV, 12. "Proinde quidquid de angelorum ministerio dicitur, ad hunc finem dirigamus, ..."

57) Inst. II, III, 2.

58) Inst. II, II, 10.

59) Inst. II, III, 10.

60) Inst. II, V, 13.

61) Inst. II, V, 16.

62) Inst. II, V, 17.

So sou ons die uitsprake van Calvyn in verband met die bedoeling of gerigtheid van bepaalde tekste kon vermenigvuldig. Ons volstaan egter met die verwysing na nog een uitspraak van Calvyn, wat ons insiens besondere aandag verdien. Na aanleiding van Jer. 7:27 maak Calvyn die volgende opmerking:

"Waartoe dan werd er tot doven gesproken? Opdat ze tegen hun wil zouden begrijpen, dat waar was, wat ze hoorden: namelijk, dat het een goddeloze heiligschennis is, wanneer ze de schuld van hun rampen, die in henzelf gelegen was, aan God toeschreven".[63)]

Uit hierdie uitspraak van Calvyn kan ons dié afleiding maak dat God se Woord onafhanklik is van ons instemming of selfs van ons gehoor.

Wat die skopus van die Skrif betref, het ons reeds gewys op die standpunt van Kuitert dat die doel van die Skrif altyd weer die doel is wat die Christenheid meen te kan aanwys.[64)] Waar Kuitert dus die menslike rol baie sterk beklemtoon, toon Calvyn aan, uit die Skrif self, weliswaar nie eksplisiet ten opsigte van die skopus van die Skrif nie, dat die Skrif, wat

---

63) Inst. II, V, 11. "Quorsum igitur canebatur sur=dis? ut nolentes ac inviti intelligerent verum esse quod audiebant: ..."

64) KUITERT. Verstaat gij wat gij leest? p. 65 & 66.

sy eienskappe en inhoud betref, onafhanklik is van ons instemming of gehoor.

* * * *

In die *derde plek* wil ons wys op enkele uitsprake waarin Calvyn ons insiens, hoewel indirek, tog blyke gee van die aanwesigheid van die skopusgedagte in sy Skrifbeskouing en benadering.

Die Skrif versamel byvoorbeeld die kennis van God, wat andersins verward in ons binneste sou bestaan, verdryf die duisternis en toon aan ons duidelik die ware God.[65] Van die begin af het God dan ook teenoor sy Kerk hierdie orde gevolg, dat Hy, behalwe die algemene bewyse, ook sy Woord aangewend het, wat 'n meer korrekte en sekerder kenteken is om Hom te onderken.[66] Die kennis aangaande God as Skepper sowel as Verlosser verkry ons uit die Woord en hierdie kennis is noodsaaklik om oor te gaan van die dood tot die lewe.[67] Die voorsienigheid van God, soos dit in die Skrif geleer word, word gestel teenoor die toeval en toevallige lotgevalle, sodat die onderskeid tussen die ware toedrag van sake en die wysgerige spekulasie des te beter kan blyk.[68] Deur die onderwysing

65) Inst I, VI, 1.

66) Inst. I, VI, 1

67) Inst. I, VI, 1.

68) Inst. I, XVI, 2.

van die Skrif kan ons leer tot watter doel alles van Godsweë verordineer is.[69] Op 'n ander plek noem hy die Skrif 'n spieël.[70] En so sou ons ook nog ander uitsprake kon vermeld.

Ons kan egter reeds uit hierdie enkele uitspra=ke die konklusie maak dat die Skrif tot ons kom met 'n bepaalde gerigtheid. En wat ons insiens veral opmerklik is in bogenoemde uit=sprake, is die gedagte wat telkens weer na vore tree, dat die Skrif kennis meedeel. Hierdie kennis is egter altyd, sonder uitsondering, 'n bepaalde soort kennis, wat ons sou wou be=stempel as religieuse kennis. Wat die Skrif meedeel, of dit waarop die Skrif gerig is, is dus steeds in ooreenstemming met die spesifieke aard of karakter van die Skrif.

En wat Calvyn se Skrifbenadering betref, kan ons uit bogenoemde uitsprake weer eens die afleiding maak, dat hy die Skrif nie wou oorvra nie maar steeds genuanseerd met die Skrif omgaan.

* * * *

---

69) Inst. I, XVII, 1.

70) Inst. II, [illegible], 11.

Die *vierde kategorie* van uitsprake waarna ons in hierdie paragraaf wil verwys, het betrekking op bepaalde gebeurtenisse of aktiwiteite.

Calvyn stel dit byvoorbeeld as sy oortuiging dat ons in die bestuur van die wêreld 'n bepaal= de doel moet waarneem;[71)] net so is daar 'n Goddelike doel agter die rampe en teëspoed wat in die wêreld plaasgevind het;[72)] Calvyn gee ook uitdruklik te kenne dat hy 'n bepaalde doel sien agter die skepping van die mens, die proef= gebod, ensovoorts;[73)] God het ook 'n bepaalde doel waartoe Hy sy werke aan ons ten toon stel.[74)]

Uit hierdie uitsprake wil ons veral dié af= leiding maak dat daar ook dieselfde doel gesoek moet word agter die *optekening* in die onfeilbare Skrif, van die betrokke gebeurtenis of aktiwi= teit, as wat Calvyn sien agter die gebeurtenis of aktiwiteit self.

Hierdie afleiding word gedra deur die volgende motiverings:

---

71) Inst. I, XVI, 6. "Sed quia scimus humani praecipue generis causa mundum esse conditum, in eius etiam gubernatione hic nobis spectandus est finis".

72) Inst. I, XVII, 8.

73) Inst. II, I, 3, 4. "Quis ille creationis nostrae finis?"

74) Inst. I, XIV, 20, 21.

Die kennis aangaandie dié dinge waarna Calvyn in bogenoemde uitsprake verwys, verkry ons uitsluitlik uit die Skrif. Menslik gesproke kan ons sê dat as dit nie opgeteken was nie, sou sowel die kennis daarvan as die kennis van die doel daarvan vir ons verlore gewees het.

Dit is dan ook opmerklik hoedat Calvyn by elk= een van hierdie uitsprake na 'n hele aantal Skrifplekke verwys om sy uitspraak te staaf. En wanneer hy handel oor die bepaalde doel agter die skepping, die proefgebod, ensovoorts, verwys hy inderdaad ook na die optekening van hierdie gebeure deur Moses.[75)]

* * * *

Aan die einde van hierdie paragraaf kan ons dit *samevattend* stel dat die uitsprake waarna in hierdie paragraaf verwys is, in baie op= sigte weinig of niks met mekaar verband hou nie. Die bedoeling was egter alleen maar om uit die eerste twee boeke van die Institusie self vas te stel of daar enigsins sprake is van die aanwesigheid van die skopusgedagte by Calvyn. Dit het dus in hierdie paragraaf pri= mêr gegaan om die feit van die skopusgedagte, en nie om die "hoe" daarvan nie. In die vol= gende hoofstuk wil ons dan veral let op die funksionering van hierdie skopusgedagte.

* * * *

75) Inst. II, I, 4.

Ons *konklusie* aan die einde van hierdie para= graaf is dat die skopusgedagte wel deeglik aan= wesig is in die Skrifgebruik van Calvyn. Die bestudering van die betrokke gedeelte van die Institusie beklemtoon ons insiens ook dié feit dat die skopus van die Skrif vir Calvyn 'n vanselfsprekende en selfevidente saak was. Hy wy nêrens spesifieke aandag daaraan nie. Hy wend ook geen poging aan om dit te bewys nie. En tog vind ons die gedagte spontaan by hom aan= wesig. Ons vind dit nie alleen in uitsprake oor die Skrif as sodanig nie maar ook in uitsprake oor bepaalde gedeeltes van die Skrif of afson= derlike tekste. Ons vind die gedagte van die skopus egter ook in uitsprake wat betrekking het op bepaalde gebeure en aktiwiteite wat net in die Skrif verhaal word.

Hierdie spontane erkenning en aanwesigheid van die skopusgedagte by Calvyn, word ons insiens ryklik geïllustreer deur die volgende uitspraak in verband met die openbaring van God aangaande die duiwels:

"Want het zou ook de Heilige Geest niet waardig zijn geweest, met *ijdele geschiedenissen zonder nut* de nieuwsgierigheid te voeden: en wij zien, dat dit des Heren *voornemen* geweest is, *niets* in zijn heilige *Godsspraken mede te delen*, wat wij niet zouden leren *tot opbouwing*".[76)]

76) Inst. I, XIV, 16.

## HOOFSTUK 3

## FUNKSIONERING VAN DIE SKOPUSGEDAGTE BY CALVYN

### 1. Inleidend

Ons kon reeds vroeër in hierdie studie[1] vas=stel dat daar nie eenlynig op die skopusvraag geantwoord kan word nie. In sy poging om die skopusbegrip uit die Skrif self inhoudelik te vul en nader te omlyn, dui Fürstenburg enkele essensiële dimensies in die Skrif aan, wat die noodsaaklikheid van 'n genuanseerde omgang met die skopusbegrip beklemtoon.[2]

Bogenoemde dimensies tree as't ware vanself na vore wanneer die Skrif bestudeer word met die doel om 'n antwoord te vind op die vrae: Wat wil die Skrif wees, wat wil dit bied en wat wil dit bereik?[3]

In sy Skrifbenadering wou Calvyn ook niks anders bereik nie as om 'n antwoord te gee op hierdie vrae ten opsigte van die Skrif. Ons het reeds daarop gewys dat sy primêre doel met die Institusie was om leiding te gee by die bestudering van die Skrif self, sodat die leser sal weet wat hy veral in die Skrif moet

---

1) Vergelyk veral Hoofstuk 1, paragraaf 3 & 4 oor die konnotasie wat aan die skopusbegrip geheg word.

2) FÜRSTENBURG. Die skopus van die H.S. p. 193 ev.

3) Ibid., p. 193.

soek, en hoe om dit te vind.[4)]

By die bestudering van die funksionering van die skopusgedagte by Calvyn in hierdie hoofstuk, wil ons dan die eerste twee boeke van die In= stitusie lees met dié doel voor oë om uit die Skrifbenadering van Calvyn 'n antwoord te pro= beer vind op die vrae: Wat wil die Skrif wees, wat wil dit bied en wat wil dit bereik? Soda= nige benadering van ons onderwerp bring dan ook as't ware vanself mee dat ons hoofsaaklik die= selfde werkswyse as Fürstenburg volg, deur se= kere essensiële dimensies in die Skrif aan te dui, wat ons insiens spontaan na vore tree as resultaat van die Skrifbenadering van Calvyn.

Die belangrikste gebrek wat hierdie werkswyse vertoon, as ons dit 'n gebrek wou noem, is dat die uitsprake van Calvyn, waarna ons by die aanduiding van 'n bepaalde dimensie in die Skrif verwys, in baie gevalle ook by die aan= duiding van 'n ander dimensie lig sou kon werp. Hierdie verskynsel lewer ons insiens egter ook positiewe resultate. In die eerste plek beklem= toon dit die spontane en vanselfsprekende funk= sionering van die skopusgedagte by Calvyn. En in die tweede plek beklemtoon dit die organiese geheel wat hierdie dimensies in die Skrif met mekaar vorm.

---

4) Vergelyk onder andere Hoofstuk 2, paragraaf 1; WENDEL. Calvin. p. 148.

In die verdere verloop van hierdie hoofstuk sal ons ook enkele male na hierdie verskynsel verwys, sodat dit gaandeweg duidelik sal word wat ons presies daaronder verstaan.

*Samevattend* kan ons dit stel dat die bedoeling van hierdie hoofstuk is om die funksionering van die skopusgedagte by Calvyn te ontleed, of, an= ders gestel, om die skopusbegrip by Calvyn in= houdelik te vul of nader te omlyn. Dit word gedoen deur bepaalde dimensies in die Skrif wat uit Calvyn se Skrifbenadering na vore tree, aan te dui.

## 2. Heilshistoriese bepaaldheid[5)]

Die historisiteit van talle dinge wat in die Skrif geopenbaar word, soos Adam, die Opstanding van Christus en ander sake, was hoegenaamd nie onder verdenking of bespreking in die teologiese besinning in die tyd van Calvyn nie. Calvyn gaan dan ook geensins spesiaal uit sy pad om, wat ons sou kon noem die historiese bepaaldheid of gefundeerdheid van die Skrifopenbaring, te bewys of te verklaar nie.

---

5) Dit is nie die bedoeling om ons hier te begeef op die terrein van die teologiese diskussie oor die verskil in betekenis tussen die terme heils= geskiedenis en openbaringsgeskiedenis nie. In die verband waarin ons hier spreek van die heils= historiese bepaaldheid van die Skrif, sou ons ewe goed kon praat van die openbaringshistoriese bepaaldheid, in die sin waarin onder andere Floor die term gebruik in sy reeds vermelde artikel, p. 7 ev.

Tog kan ons uit Calvyn se Skrifgebruik ook bepaalde legitieme afleidings maak in hierdie verband. Ons wil ons veral beperk tot twee af= leidings, wat eintlik onlosmaaklik met mekaar verbonde is en vir hierdie studie hoogs rele= vant is. In die eerste plek kan ons vasstel dat die historiese gefundeerdheid of bepaald= heid van die Skrifopenbaring vir Calvyn vasge= staan het. Dit was vir hom geen saak van dis= kussie of dispuut nie. Die Bybelse openbaring is 'n openbaring van, in en deur middel van geskiedenis. Dit is die geïnspireerde opteke= ning van God se dade, van dinge wat gebeur het, van geskiedenis.

In die tweede plek kan ons met ewe veel oor= tuiging uit Calvyn se Skrifgebruik vasstel dat dié geskiedenis wat in die Skrif opgeteken is, 'n spesifieke soort geskiedenis is. Dit is ge= kwalifiseerde geskiedenis, of nader aangedui, heilsgeskiedenis. Die Bybel is met ander woorde nie 'n geskiedenisboek nie, alhoewel dit ge= skiedenis bevat. En die dade van God is nie dade wat opgeteken is ter wille van die ge= skiedenis nie. Maar dit is God se heilsdade wat opgeteken is in die Skrif. Hierdie gekwa= lifiseerdheid van die Bybelse geskiedenis doen egter niks afbreuk aan die historisiteit daar= van nie. Dit kwalifiseer alleen maar die historisiteit.

* * * *

Ons wil nou, aan die hand van bepaalde uitspra=ke uit die betrokke gedeelte van die Institusie, bogenoemde afleidings nader belig.

Calvyn wend geen poging aan om die historiese gefundeerdheid van die Skrifopenbaring te bewys nie, maar die feit van hierdie historiese ge=fundeerdheid funksioneer spontaan in sy Skrif=gebruik. Dit is veral hierdie spontane, van=selfsprekende aanvaarding van die historiese gefundeerdheid van die Skrifopenbaring, wat ons dié afleiding laat maak dat daar by Calvyn geen twyfel bestaan het oor hierdie saak nie.

Terselfdertyd kan ons egter uit die uitsprake van Calvyn aflei dat die geskiedenis in die Skrif heilshistories bepaald is. Vir die doel van ons onderwerp sal ons nou veral let op uitsprake deur Calvyn, waarin sowel die heils=historiese bepaaldheid as die spesifieke ge=rigtheid van die Skrifopenbaring duidelik na vore tree.

In die eerste plek kan ons hier ook verwys na die baie duidelike uitspraak waarmee ons die vorige hoofstuk afgesluit het, waarin Calvyn dit as sy oortuiging stel dat God die Heilige Gees wel geskiedenis laat opteken het in die Skrif, maar nie nuttelose geskiedenis nie.[6] Want dit was God se voorneme om alleen dit

---

6) Inst. I, XIV, 16.

in sy Godsprake mee te deel wat ons moet leer tot ons opbouing.[7)]

Die geskiedenis van Job word nie maar net vir die interessantheid in die Skrif verhaal nie maar is aan ons gegee tot 'n voorbeeld.[8)] En so ook wil die onsienlike God, wie se wysheid, krag en regverdigheid onbegryplik is, die *geskiedenis* van Moses aan ons gee as 'n *spieël* waarin sy lewende beeltenis weerkaats.[9)] Die doel van die geskiedenis van Moses is dus om ons tot God te lei.

Dit tref ons veral dat Calvyn die skeppingsge= skiedenis in die besonder beklemtoon, maar nooit sonder om die doel van die mededeling daarvan ook te beklemtoon nie. So sien hy Moses as die sekere getuie en herout van die enige God en Skepper.[10)] By Moses is daar egter nie slegs sprake van die wese van God op sigself nie, maar ook sy ewige wysheid en Gees word aan ons voorgestel, *sodat* ons ons geen ander God indink as Hy wat in daardie uitgedrukte beeld erken wil word nie.[11)]

---

7) Inst. I, XIV, 16.

8) Inst. II, IV, 2.

9) Inst. I, XIV, 1.

10) Inst. I, XIV, 2.

11) Ibid.

Ook die engele is ingeskakel by die groot doel van God in die mededeling van sy skeppingsge=skiedenis. Want die engele is ook deel van die groot skeppingswerk van God.[12]

Ons het in die vorige hoofstuk daarop gewys dat Calvyn dikwels die gerigtheid van sekere dinge in die Skrif beklemtoon sonder om die gerigtheid van die Skrif self te beklemtoon. Dit is egter vir ons 'n uitgemaakte saak dat jy hierdie twee sake nie van mekaar kan skei nie. Calvyn verwys dan ook nooit na buite-Bybelse geskiedenis of gebeure nie. En so stel hy dit ook dat ons *uit die onderwysing van die Skrif* alleen kan agterkom tot watter doel alles deur God in die lewe geroep is.[13]

Die veelvuldigheid van die doel van die skep=pingsgeskiedenis en die optekening daarvan kom veral duidelik aan die lig in die volgende uitspraak. God wou, volgens Calvyn, dat Hy uitdruklik geskilder sou word vir die gelowiges, "opdat zij niet zouden afglijden tot de verzin=selen der heidenen ... loont het de moeite, dat Hij vertrouwelijker door ons gekend wordt, op=dat wij niet steeds in weifeling en onzekerheid zijn. Daarom heeft Hij gewild dat de *scheppings=geschiedenis* er zou zijn, opdat het geloof der kerk, daarop steunend, geen andere God zou zoeken dan die *door Mozes is voorgesteld* als

12) Inst. I, XIV, 3.
13) Inst. I, XVII, 1.

de Bouwmeester en Schepper der wereld. Daar is in de eerste plaats *de tijd aangetekend*, opdat de gelovigen langs de onafgebroken rij der jaren zouden komen tot de eerste oorsprong van het menselijk geslacht en van alle dingen. Die kennis is bijzonder nuttig, niet alleen opdat men in kunne gaan tegen de wonderlijke verhalen, die oudtijds in Egypte en andere landstreken de ronde deden, maar ook opdat door de kennis van de aanvang der wereld de eeuwigheid Gods in des te helderder licht trede en ons meer tot bewondering van haar opwekke".[14] (Kursivering van my - C.F.C.C.).

Hierdie uitspraak kan nie alleen gebruik word teenoor diegene wat die historisiteit van die skeppingsverhaal betwyfel of as onbelangrik beskou nie, maar dit beklemtoon terselfdertyd die spesifieke gekwalifiseerdheid van daardie geskiedenis.

Dit is egter nie net die skeppingsgeskiedenis wat as geskiedenis, met 'n bepaalde doel, op= geteken is in die Skrif nie. 'n Studie van die betrokke gedeelte van die Institusie laat on= vermydelik dié gevolgtrekking aan die lig tree dat Calvyn dieselfde opvatting gehuldig het ten opsigte van elke geskiedkundige feit wat in die Skrif verhaal word. Ons kan dan ook in hierdie verband op talle uitsprake in die Insti= tusie die aandag vestig.

14) Inst. I, XIV, 1.

Calvyn toon onder andere met talle aanhalings uit die Skrif self aan hoedat alles wat met die volk Israel gebeur het, heenwys na en gerig is op Christus.[15] Ook die rampe en teëspoed wat in die Skrif verhaal word, is gegee met 'n bepaalde doel.[16] En met verwysing na Deut. 2:30, waar die verharding van koning Sihon ver= haal word, toon Calvyn die Goddelike bedoeling met hierdie verharding aan.[17] Selfs dié ge= beure wat deur die mens dikwels as toevallig beskou word, is opgeteken in die Skrif, sodat die mens se oë geopen kan word vir die ewige voorbeskikking van God.[18] En die geskiedenis van die val en afval van die Duiwel word ook in die Skrif verhaal as 'n feit, en met dié doel, dat ons sal weet dat hy nie só verdorwe uit God se hand voortgekom het, en ons dan sodoende aan God iets toeskryf wat Hom geheel vreemd is nie.[19]

Ons het ook reeds in die vorige hoofstuk verwys na die baie duidelike uitspraak waarin Calvyn die kennis van God se voorsienigheid aandui as die *vernaamste doel* van die *Bybelse geskiede= nis*.[20] Alhoewel die klem in hierdie uitspraak seker primêr val op die feit van die doelgerigt= heid in die Bybelse geskiedenis, kan dit tog

15) Inst. II, VI, 2.
16) Inst. I, XVII, 8.
17) Inst. II, IV, 3.
18) Inst. I, XVI, 6.
19) Inst. I, XIV, 16.
20) Inst. I, XVII, 6.

nie ontken word nie dat in hierdie uitspraak ook baie duidelik blyk dat Calvyn die Skrifopenba= ring as histories gefundeerd aanvaar het. Trou= ens, ons sou hierdie selfde uitspraak ook nog kon gebruik vir die aanduiding van 'n ander di= mensie in die Skrif,[21] naamlik dié van die kerugmatiese gerigtheid van die Skrif. Want dit blyk ook baie duidelik uit hierdie uitspraak van Calvyn dat die geskiedenis in die Skrif op= geteken is in die vorm van *verkondiging*, en dat hierdie verkondiging gerig is op die *heil* van die mens.[22]

Ons het doelbewus hierdie veelvuldige gebruik van een uitspraak beklemtoon, omdat ons insiens daaruit duidelik blyk dat sowel die historiese gefundeerdheid as die spesifieke gerigtheid van die Skrifopenbaring deur Calvyn as 'n self= evidente saak aanvaar is en in sy Skrifgebruik spontaan funksioneer.

Ons wil in hierdie paragraaf nog die aandag vestig op twee duidelike uitsprake waarin sowel die historiese gefundeerdheid as die skopus van die Skrifopenbaring deur Calvyn aanvaar word. In hoofstuk X van die eerste boek van die In= stitusie handel Calvyn oor die verhouding tussen

---

21) Vergelyk p. 58 & 59 hierbo, waar ons kortliks na hierdie verskynsel verwys het.

22) Vergelyk Hoofstuk 3, paragraaf 3 in verband met die kerugmatiese struktuur en gerigtheid van die Skrif en ook paragraaf 4.

wat ons sou kon noem die algemene en die besonÂdere openbaring van God. En dan stel hy hom ten doel om na te gaan of God Hom in die Skrif sodanig geopenbaar het, soos Hy tevore in sy *werke* gesien kon word. Dan vervolg hy:

"... ik zal er mij mee tevreden stellen als het ware een korte inhoudsopgave voor te leggen, opdat vrome harten, daardoor ingelicht, mogen weten, wat ze voornamelijk in de Schriften aangaande God moeten naspeuren, en opdat ze zich bij dat onderzoek op een vast doel mogen richten".[23)]

In die res van die hoofstuk verwys Calvyn dan veral na die *skeppingsgeskiedenis* en toon hy ook uit die geskiedenis aan hoedat dieselfde God wat die wêreld geskape het, dit ook bestuur.

'n Baie duidelike en insiggewende uitspraak vind ons in die tweede boek van die Institusie in verband met die verhoor van Christus voor Pilatus:

"Verder, omdat ons vanwege onze schuld de vloek wachtte voor Gods hemelse rechtbank, wordt in de eerste plaats *verhaald zijn veroordeling* voor de stadhouder van Judea, Pontius Pilatus, *opdat* wij zouden weten, dat de straf, die wij moesten ondergaan, de Recht=

23) Inst. I, X, 1.

vaardige aangedaan is ..........................
..............................................
Want *niet alleen om de geloofwaardigheid der geschiedenis te kan zien,* wordt de naam van de stadhouder uitgedrukt, *maar ook opdat* we zouden leren wat Jesaja zegt (53:5), dat de straf, die ons de vrede aanbrengt, op Hem geweest is, en dat wij door zijn striemen genezen zijn".[24) ] (Kursivering van my - C.F.C.C.).

Die skynbaar-onbeduidende feitjies in die geskiedenis van Jesus het dus vir Calvyn kardinale betekenis. Dit is nie alleen belangrik as geskiedenis nie, maar ook as heilshistories gefundeerde geskiedenis. En as gevolg van die heilshistoriese bedoeling daarvan, vind ons dit opgeteken in die Skrif.

In die lig van hierdie uitspraak val die stelling van Kuitert dan ook vreemd op die ore, dat die verstaan van die bedoeling van die Bybel iets anders is as om die geskiedenis van Jesus Christus te verstaan in sy draagwydte vir ons lewe en vir die lewe van alle mense.[25)] Dit lyk byna asof Kuitert die historiese mededeling in die Skrifopenbaring as onbelangrik beskou, en asof hy 'n absolute skeiding wil poneer tussen die bedoeling van die Skrif en die bedoeling van die geskiedenis in die Skrif.

24) Inst. II, XVI, 5.

25) KUITERT. Verstaat gij wat gij leest?, p. 63.

In die lig van die uitsprake van Calvyn is dit ons oortuiging dat die skopus van die Skrif en die skopus van die historiese mededeling in die Skrif so nou met mekaar verbonde is, dat daar inderwaarheid geen skeiding moontlik is nie, en tot 'n groot mate selfs geen onderskeiding nie.

Ons het immers reeds herhaaldelik in hierdie paragraaf daarop gewys dat die geskiedenis in die Skrif aan ons gegee is as heilsgeskiedenis. En as sodanig kom dit tot ons met 'n bepaalde bedoeling of gerigtheid. Maar dit bly geskiede=nis, en verder is dit ook 'n absoluut-inherente en onlosmaaklike deel van die Skrifopenbaring.

* * * *

Die *konklusie* aan die einde van hierdie para=graaf, dat Calvyn in sy Skrifgebruik sowel die historisiteit as die spesifieke gekwalifiseerd=heid en gerigtheid van die Bybelse verhaal, aanvaar, is volkome in ooreenstemming met ge=dagtes wat ons ook telkens in die Gereformeerde teologiese besinning terugvind.

So vind ons byvoorbeeld dieselfde gedagte by Bijlsma, wat verklaar dat die regte beklemtoning en gebruik van die skopus van die Skrif ons sal bewaar van die dwaling van historisme. Want die *feit* dat dit *in die Bybel* gaan *om die dade van God in die geskiedenis*, moet volgens hom na twee kante in die dogmatiese besinning verwerk word:

Enersyds moet gestel word dat God se dade *voluit histories* tot ons kom, en andersyds moet vasgehou word aan die feit dat hulle daar=in tog ten volle God se dade bly.[26)]

Bijlsma praat ook van die heilsbedoeling van die Skrif en toon aan hoedat die opset, rang=skikking, ordening, ensovoorts van die stof, onder andere by die Evangelie van Matthéüs, juis daarop gerig is om hierdie heilsbedoeling voorop te stel.[27)]

Daar is ook 'n uitspraak van Berkouwer, waar=na ons in hierdie verband kan verwys. Die feit dat die Evangelies byvoorbeeld nie 'n detailverhaal van Jesus se lewe gee nie, is volgens hom daaraan toe te skryf dat dit 'n beskrywing is vanuit 'n bepaalde doel, naamlik die oproep tot geloof. Vanuit hierdie doel is daar dan sprake van 'n ordenende werksaamheid van die Evangelis.[28)]

Ons is oortuig dat ons ook by Runia dieselfde gedagtes terugvind, wat reeds in die Skrifge=bruik van Calvyn so spontaan gefunksioneer het. Runia wys naamlik daarop dat die klem in die Skrif *nie net* val op die feite en die histori=

---

26) BIJLSMA. Schriftgezag en Schriftgebruik. p. 107 ev.

27) Ibid., p. 50 & 51.

28) BERKOUWER. De H.S., II, p. 210.

siteit nie maar ook op die heilsbetekenis, op die heilskarakter van wat beskryf word.[29)]

## 3. Kerugmatiese struktuur en gerigtheid[30)]

Die Skrif vertoon nie net 'n historiese karak= ter, soos ons in die vorige paragraaf aangetoon het nie, maar terselfdertyd 'n baie duidelike verkondigende karakter. Die hele Skrif is op verkondiging aangelê.[31)] Die heilsdade van God,

---

29) RUNIA. Het gezag van de Schrift. p. 16.

30) Ons vertrou dat dit uit die inhoud van hierdie paragraaf duidelik blyk dat ons onder die kerug= matiese struktuur van die Skrif wil verstaan dat die hele Skrifopenbaring gegee is met die oog op verkondiging, of aangelê is op verkondi= ging. Hierdie betekenis verskil blykbaar van die betekenis wat onder andere prof. D.C.S. van der Merwe daaraan heg, aangesien hy onderskei tussen die kerugmatiese gedeeltes en ander ge= deeltes in die Skrif. Vergelyk vir sy stand= punt: VAN DER MERWE, D.C.S. Die roeping tot Gereformeerde getuienis vandag, in woord en ge= skrif ten opsigte van politieke en maatskaplike gebiede. In In die Skriflig; tydskrif van die Gereformeerde Teologiese Vereniging, jg. 5 no. 19, September 1971. p. 48. Daar moet ook verder onderskei word tussen die betekenis wat Bultmann heg aan die term "kerugma", en die betekenis wat in hierdie paragraaf daaraan geheg word. Verge= lyk ter oriëntering van Bultmann se standpunt onder andere: DE JONG, J.M. Kerygma; een onder= zoek naar de vooronderstellingen van de theolo= gie van Rudolf Bultmann. Assen, Van Gorcum, 1958.

31) Vergelyk onder andere FÜRSTENBURG. Die skopus van die H.S. p. 196.

die heilsgeskiedenis word in die vorm van ver=kondigende vertelling meegedeel. Ons sou ook kon praat van die kerugmatiese struktuur wat die Skrif vertoon, en wat die Skrif saam met al die ander kenmerke en dimensies na sy eie aard stem=pel as die Woord van God. Die erkenning van hierdie kerugmatiese karakter van die Skrifin=houd is deur Ridderbos onder andere bestempel as 'n omwenteling in die Nuwe Testamentiese weten=skap.[32)]

Ons is egter oortuig dat ons die erkenning van die kerugmatiese karakter van die Skrif ook reeds by Calvyn aantref. Soos die ander dimen=sies in die Skrif, waaroor ons in hierdie hoof=stuk handel, funksioneer ook hierdie dimensie spontaan in sy Skrifgebruik, en wy hy geen spesiale aandag daaraan nie. Tog kan ons sonder twyfel vasstel dat Calvyn 'n ope oog gehad het vir die verkondigende karakter wat die Skrif vertoon.

Daar is dan ook talle uitsprake van Calvyn waar=in hy onteenseglik blyke gee van die erkenning en aanvaarding van hierdie kerugmatiese struktuur van die Skrif. Die Skrif onderrig,[33)] leer,[34)]

---

32) RIDDERBOS. Heilsgeschiedenis en Heilige Schrift, p. 110.

33) Vergelyk onder andere Inst. II, V, 10. "edocti"; Inst. II, XV, 2. "docendi". Inst. II, VI, 4. "imbui".

34) Vergelyk onder andere Inst. II, VII, 14. "docen=do"; Inst. I, XIII, 1. "traditur"; Inst. I, XIV, 6. "docendo".

kondig af, [35] vermaan,[36] verkondig,[37] be= straf,[38] beveel,[39] predik,[40] getuig,[41] en onderwys,[42] om maar enkele van die terme te noem waarmee Calvyn die aard en die karakter van die Skrif aandui.

* * * *

Vir die doel van ons onderwerp is dit egter veral belangrik om daarop te let dat die Skrif nie slegs 'n kerugmatiese struktuur vertoon nie maar ook inhoudelik 'n bepaalde kerugmatiese gerigtheid vertoon. Berkouwer wys daarop dat daar in die Reformasie 'n sterk besef geleef het vir die kerugmatiese gerigtheid van die Evangelie, en daarin beslote vir die "pro me" en "pro no= bis".[43]

---

35) Vergelyk onder andere Inst. I, VI, 2. "promulgata fuit".

36) Vergelyk onder andere Inst. II, VII, 14. "admonendo"; Inst. II, V, 5. "exhortationes".

37) Vergelyk onder andere Inst. II, VI, 3; II, X, 19. "ediscenda essent".

38) Vergelyk onder andere Inst. II, ~~VII~~, 14. "obiurgando".

39) Vergelyk onder andere Inst. II, VI, 4. "iubet".

40) Vergelyk onder andere Inst. II, VI, 1. "praedica= tio"; Inst.II, X, 4.

41) Vergelyk onder andere Inst. II, VII, 8. "testatur"; Inst. II, III, 9. "testimonium"; Inst. II, VIII, 1. "testificaretur".

42) Vergelyk onder andere Inst. II, VII, 8. "erudi= tionis"; Inst. II, VII, 12. "erudiat".

43) BERKOUWER. De H.S. Dl. I, p. 173 ev.

Die waarheid van hierdie stelling van Berkouwer word bevestig deur die Skrifgebruik van Calvyn. Hy wys nooit op die feit van die kerugmatiese struktuur van die Skrif sonder om terselfdertyd ook die kerugmatiese gerigtheid van die Skrif=openbaring te beklemtoon nie. En nou is dit inderdaad so dat hierdie gerigtheid ook deur Calvyn aanvaar word as 'n gerigtheid "pro me".

Ons vestig dan in die eerste plek die aandag op enkele uitsprake in die betrokke gedeelte van die Institusie waarin die aanvaarding van hier=die bepaalde gerigtheid duidelik na vore tree.

Wat die Skrif byvoorbeeld aangaande die engele leer, is daarop gerig om dienstig te wees tot ons troos en die versterking van ons geloof.[44] Die Skrif skilder die engele dan ook nie sonder rede as cherubs en serafs nie, sodat ons nie sou twyfel nie dat hulle met ongelooflike snel=heid steeds aanwesig is om ons te help sodra dit nodig is.[45]

En die openbaring aangaande die duiwel is deur God gegee, sodat hy ons nie onverhoeds sou vang nie, en sodat ons teen al sy liste genoegsaam gewapen sou wees.[46]

---

44) Inst. I, XIV, 6.

45) Inst. I, XIV, 8.

46) Vergelyk die begeleidende brief van Calvyn aan die koning van Frankryk, in die vertaling van Sizoo, Dl. I, p. xxxi en xxxii.

Dit is egter veral in uitsprake oor die wet dat die kerugmatiese gerigtheid van die Skrif duidelik blyk. Calvyn stel dit as sy oortuiging dat die gebooie van God ons onderrig aangaande die wil van God, ons herinner aan ons ellende en ons opwek om sy Gees in te roep sodat die Gees ons op die regte weg kan lei.[47)] Die wet is deur God gegee omdat die natuurlike wet vanweë ons stompsinnigheid en weerspannigheid onverstaanbaar geword het.[48)] Calvyn gebruik dan ook dikwels die beeld van 'n spieël ten opsigte van die wet, waarin ons ons onmag, ons ongeregtigheid en ons vervloeking aanskou.[49)] Die taak van die sedewet bestaan byvoorbeeld volgens Calvyn daarin dat dit, terwyl dit die geregtigheid van God aantoon, elke mens herinner aan sy eie ongeregtigheid, hom daarvan in kennis stel, oortuig en hom ten slotte veroordeel.[50)]

Die volgende uitspraak in verband met die wet van God laat geen twyfel oor die kerugmatiese gerigtheid van die Skrif nie:

"Dat nu ons aller ongerechtigheid en verdoemenis door het getuigenis der wet verzegeld wordt, geschiedt niet (namelijk wanneer wij naar behoren vordering in haar maken), opdat wij in wanhoop zouden bezwijken en, de moed opgevend,

47) Inst. II, V, 10.
48) Inst. II, VIII, 1.
49) Inst. II, VII, 7.
50) Inst. II, VII, 6.

in het verderf zouden storten. Zeker, de ver= worpenen worden op die manier daardoor verdorven, maar dat is wegens de hardnekkigheid van hun gemoed. Maar bij de kinderen Gods moet de *bedoeling der onderwijzing* een andere zijn. De apostel getuigt wel, dat wij door het oor= deel der wet verdoemd zijn (Rom. 3:19), 'opdat alle mond gestopt worde, en de gehele wereld voor God verdoemelijk zij'. Dezelfde leert echter elders (Rom. 11:32), dat God allen onder de ongehoorzaamheid besloten heeft, niet om hen te vernietigen of te laten omkomen, maar opdat Hij hun allen barmhartig zou zijn. En wel op= dat ze, na de dwaze mening omtrent hun eigen kracht te hebben laten varen, zouden inzien, dat ze alleen door Gods hand staan en staande blijven, opdat ze naakt en ledig tot zijn barm= hartigheid zouden vluchten, op haar geheel steunen, in haar zich geheel verbergen en haar alleen voor hun gerechtigheid en verdiensten zouden aangrijpen, welke in Christus voor allen ter beschikking is. Want God verschijnt in de geboden der wet als een beloner slechts van de volmaakte gerechtigheid, waarvan wij allen ver= stoken zijn, maar daarenteen als een gestreng rechter der misdaden".[51] (Kursivering van my - C.F.C.C.).

In nog 'n uitspraak oor die wet wys Calvyn daar= op dat die beloftes en dreigemente in die Deka= loog deur God bygevoeg is om ons harte te vervul

51) Inst. II, VII, 8.

met liefde tot Hom en haat jeens die ongeregtig=heid. Want omdat die oog van ons verstand te duister is dat dit alleen deur die skoonheid van die goeie getref sou word, het God die Vader in sy goedertierenheid ons deur die lieflikheid van die beloninge wou lok om Hom te bemin en te soek.[52] Die wet is verder ook vir die mens 'n instrument om elke dag sekerder te leer wat die wil van die Here is, waarna hulle streef, en ook 'n instrument om in die kennis van die wil van die Here versterk te word.[53]

Dit is egter nie net die wet wat hierdie unieke kerugmatiese gerigtheid vertoon nie. In die hele Skrif wil die Here ons onderwys, nie in onbeduidende kwessies nie, maar in die waarag=tige vroomheid, in die vrese van sy Naam, in ware vertroue en in die pligte van die heilig=heid.[54]

Dit is verder opmerklik dat Calvyn ook ten op=sigte van die hele Skrif die beeld van die spieël gebruik, waarin die mens sy eie verdor=wenheid sien.[55] En soos die wet, onderwys die hele Skrif ons ook aangaande die wil van God.[56]

52) Inst. II, VIII, 4.
53) Inst. II, VII, 12.
54) Inst. I, XIV, 4.
55) Inst. II, III, 2.
56) Inst. I, XVII, 5.

Calvyn stel dit in hierdie uitspraak pertinent dat ons volkome afhanklik is van die onderwysing in die Skrif. Daarom moet ons in ons handelinge die wil van God betrag, wat Hy in sy Woord open=baar, want God vra slegs dit van ons wat Hy ons geleer het.[57)]

Die vermaninge in die Skrif is oo nie net be=doel om ons te oortuig van ons sonde nie, maar deur die leiding van die Heilige Gees wek dit ook die verlange na die goeie op, verdryf die slapheid, neem die lus in die ongeregtigheid weg en bring haat en afkeer daarteen voort.[58)]

Ander uitsprake waarin die kerugmatiese gerigt=heid van die Skrif duidelik na vore kom, is dié uitsprake waarin Calvyn dit stel dat die Skrif gegee is met die oog op die voortgang van die suiwere leer en kennis. Die Skrif is volgens hom gegee sodat die hemelse leer nie deur ver=getelheid te gronde sou gaan of deur dwaling sou verdwyn, of deur vermetelheid van die mense ver=derf sou word nie.[59)] Die wet, en die uitlegging daarvan deur die profete, is in die Skrif vas=gelê met die bedoeling dat die waarheid van die leer in ononderbroke voortgang in alle eeue in die wêreld sou bly voortbestaan.[60)]

---

57) Inst. I, XVII, 5.
58) Inst. II, V, 5.
59) Inst. I, VI, 3.
60) Inst. I, VI, 2.

En net so het Christus in die Skrif die duide= like getuienis van sy genadegawes geskenk, sodat hulle nie kwaadaardig verduister sou word nie.[61] Ter motivering van hierdie stelling verwys Cal= vyn dan na Joh. 15:1 en verklaar dat Christus in die betrokke vers bedoel dat ons dorre en niks= werd hout is wanneer ons van Hom geskei is, om= dat daar sonder Hom in ons geen vermoë is om goed te doen nie. Die getuienis aangaande die genadegawes van Christus is dus 'n verkondiging ter wille van die mens.

Die uitsprake waarna hierbo verwys is, toon ons insiens duidelik dat Calvyn nie alleen 'n oop oog gehad het vir die kerugmatiese struktuur van die Skrif nie, maar dat hy ook die kerugmatiese gerigtheid van die Skrifinhoud ten volle aanvaar het.

* * * *

Ons wil egter ten slotte in hierdie paragraaf ook 'n ander belangrike aspek van Calvyn se Skrif= gebruik beklemtoon, wat ons insiens van belang is vir die regte siening van die kerugmatiese struktuur en gerigtheid van die Skrif. Ons kon naamlik reeds vasstel dat die Skrif 'n verkon= digende karakter vertoon en dat hierdie verkon= diging ter wille van die mens geskied en in die Skrif vasgelê is. Dit is egter nodig dat ons ook die vraag wat die spesifieke inhoud van daardie verkondiging is, sal beantwoord.

---

61) Inst. II, III, 9.

In hierdie verband kan ons dan op enkele uitspra= ke van Calvyn wys waarin dit baie duidelik blyk dat die Skrifinhoud 'n unieke en bepaalde sentrum vertoon. Fürstenburg noem dit die Christologiese sentraliteit van die Skrif.[62] Ons wy ook later in hierdie hoofstuk 'n aparte paragraaf aan hier= die saak, maar beskou dit tog as belangrik om ook nou kortliks daarna te verwys.

Hierdie Christologiese sentraliteit of gerigt= heid van die Skrifinhoud gee naamlik die ware sin en betekenis aan die wet.[63] Die volk is in die Ou Testament onder die tugmeesterskap van die wet *tot Christus gelei* voordat Hyself in die vlees geopenbaar is.[64]

"De Here heeft hun dus zo het licht van zijn Woord geschonken, dat zij het nog uit de verte en in't duister zagen".[65]

Die wet is dus nie gegee om die uitverkorenes van Christus weg te lei nie,

"... maar opdat ze veeleer de harten in ver= wachting zou houden tot op zijn komst, en ook het verlangen naar Hem zou aanvuren en hen tij=

---

62) FÜRSTENBURG. Die skopus van die Heilige Skrif. p. 198 ev.

63) Inst. II, VII, 14-16.

64) Inst. II, XI, 5.

65) Inst. II, XI, 5.

dens de verwachting zou versterken, opdat ze niet door een al te lang vertoef zouden be=zwijken".[66)]

Hierdie laaste uitspraak sou ook gebruik kon word om die eskatologiese gerigtheid van die Skrif aan te dui, 'n dimensie waaraan ons ook later in hierdie hoofstuk aandag gee.[67)]

Dit is egter nie net die wet wat hierdie Christo=logiese sentraliteit van die Skrif so duidelik vertoon nie. Ook die prediking van die evange=lies spreek niks anders uit nie as dat die sondaar deur die vaderlike goedertierenheid van God buite sy eie verdienste geregverdig word, en die ganse hoofinhoud van hierdie prediking eindig in Christus.[68)]

Met verwysing na onder andere Rom 5:10; Gal. 3:10, 13; Kol. 1:21, 22, verklaar Calvyn dat sekere uitsprake in die Skrif met opset so gegee is om aan te pas by ons begripsvermoë,

"... opdat wij des te beter zou begrijpen, hoe ellendig en rampzalig onze toestand buiten Christus is. Want indien niet met duidelijke woorden gezegd word, dat de toorn en de wraak Gods en de eeuwige dood op ons gedrukt heeft,

---

66) Inst. II, VII, 1.

67) Vergelyk paragraaf 5 van hierdie hoofstuk.

68) Inst. II, X, 4.

zouden wij te minder begrijpen, hoe ellendig wij zouden zijn zonder Gods barmhartigheid, en zouden wij de weldaad der verlossing te minder waard achten. ............. Kortom, aangezien onze ziel het leven in Gods barmhartigheid niet begerig genoeg kan aangrijpen of met de passende dankbaarheid kan ontvangen, tenzij zij door de vrees voor Gods toorn en de schrik voor de eeuwige dood tevoren getroffen en terneerge= worpen is, worden wij *door de heilige leer zo onderricht*, opdat wij zouden zien, dat *zonder Christus* God in zekere zin vijandig tegenover ons staat, en dat zijn hand tot ons verderf ge= wapend is, en opdat wij zijn goedertierenheid en vaderlijke liefde *slechts in Christus* zouden omhelzen".[69] (Kursivering van my - C.F.C.C.).

Ook die voorseggings in die Ou Testament was bedoel om die Jode te onderrig dat hulle hul oë reëlreg op Christus sou rig.[70] En Calvyn toon ook aan hoedat hierdie Christologiese ge= rigtheid verskillende dimensies het. Christus word byvoorbeeld verkondig, in die Ou Testament sowel as in die Nuwe Testament, om tot troos te wees, die wanhopiges op te beur, ensovoorts. En dan maak Calvyn die insiggewende opmerking dat hy nie eers 'n poging wil aanwend om ten opsigte van hierdie saak al die Skrifbewyse aan te voer nie, want hy wil slegs die lesers daarop

69) Inst. II, XV, 2.

70) Inst. II, VI, 4.

wys dat die hoop van alle vromes nooit êrens anders gevestig was as op Christus nie.[71)]

* * * *

Ons kon dan in hierdie paragraaf vasstel dat die Skrif nie alleen 'n kerugmatiese struktuur ver= toon nie maar ook 'n kerugmatiese gerigtheid. In die woorde van Fürstenburg gestel, verkondiging is sowel die bron as die bestemming van die Skrif as geskrewe woord.[72)] Ons kon ook vasstel dat hierdie kerugmatiese gerigtheid van die Skrif 'n gerigtheid "pro me" is. En ons laaste kon= klusie aan die einde van hierdie paragraaf is dat die Skrifverkondiging inhoudelik gerig is op, of heenwys na Christus as die sentrum en die hoofinhoud daarvan.

Hierdie laaste konklusie beklemtoon opnuut die waarheid dat daar nie eenlynig op die skopus= vraag geantwoord kan word nie. Die Skrif wil iets wees, naamlik kerugma. Die Skrif wil ook iets bied, naamlik die verkondiging van die ver= lossing in Jesus Christus. Maar die Skrif wil ook iets bereik, naamlik onder andere selfkennis, Godskennis, bekering, dankbaarheid, ensovoorts van die kant van die mens. Hierdie "meerlynig= heid" van die skopusgedagte sal ook verder in hierdie hoofstuk duideliker belig word.

---

71) Inst. II, VI, 3.

72) FÜRSTENBURG. Die skopus van die Heilige Skrif. p. 197.

## .4. Soteriologiese motief

In die bestudering van die Skrifgebruik van Calvyn, met die oog op die beligting van 'n bepaalde faset van sy Skrifbeskouing, wys ons vervolgens op dié Skrifdimensie wat ons sou kan tipeer as die soteriologiese motief van die Skrifboodskap.[73)]

Die Skrifboodskap is naamlik op 'n bepaalde doel afgestem. Die Heilige Skrif as Woord van God wil iets bereik. Die verkondiging waarna ons in die vorige paragraaf verwys het, is 'n appèl wat 'n antwoord soek.[74)] Die kerugma in die Skrif beoog geloof in Jesus as die Christus en Seun van God, sekerheid aangaande die ewige lewe, opbou en saligheid, redding en geloofs= gehoorsaamheid.[75)] Dit gaan dus in die Skrif om die reddingswil van God en om die heil van die mens.[76)]

Die doel van hierdie paragraaf is nou om vas te stel of hierdie soteriologiese gemotiveerd= heid van die Skrif ook deur Calvyn aanvaar en toegepas is.

* * * *

---

73) Vergelyk onder andere FÜRSTENBURG. Die skopus van die Heilige Skrif, p. 200.

74) FÜRSTENBURG. Die skopus van die Heilige Skrif, p. 200 en 201.

75) Ibid., p. 201.

76) Ibid.

Allereers moet die aandag daarop gevestig word dat die sogenaamde "pro me"- en "pro nobis"-struktuur van die Skrif, waarna ons in die vo= rige paragraaf verwys het, deur Fürstenburg be= handel word as deel van die soteriologiese mo= tief van die Skrif.[77] Hierdie feit beklemtoon ons insiens weer eens die noue verweefdheid van die verskillende Skrifdimensies met mekaar. Ons sal dan ook in hierdie paragraaf nie weer na die uitsprake verwys wat reeds in die vorige paragraaf behandel is nie, ten einde herhaling te voorkom.

* * * *

Daar is egter ander uitsprake van Calvyn waar= deur die soteriologiese doel van die Skrif dui= delik aangetoon word. Ons kan hier onder andere verwys na uitsprake in verband met die wet van God.

Wanneer die wet deur die Gees van God kragdadig in die harte ingedruk word, wanneer dit Christus vertoon, is dit 'n Woord van die lewe, beke= rende die siele en wysheid gewende aan die een= voudiges.[78] Die kennis van die wet moet ons dwing tot eerlike en diepgaande selfondersoek en wanneer ons dan ons eie sondigheid en on= vermoë besef, moet ons tot God se barmhartig= heid vlug.[79] Die wet gebied sekere dinge met

77) FÜRSTENBURG. Die skopus van die Heilige Skrif. p. 200 & 201.

78) Inst. I, IX, 3.

79) Inst. II, VIII, 3.

die doel om geloof op te roep.[80] God dui noukeurig die wettige diens aan met die doel om die menslike geslag in gehoorsaamheid te hou.[81] Die wet vertoon naamlik die karakter van 'n teuel wat die mens in bedwang hou sodat hy nie afwyk tot valse godsdienste nie.[82]

Daar is, behalwe bogenoemde uitsprake met be= trekking tot die wet in die algemeen, ook ander uitsprake van Calvyn met betrekking tot afsonder= like gebooie van die Dekaloog waaruit die sote= riologiese motief van die Skrifboodskap ook duidelik blyk. Die bedoeling van die sewende gebod is dat, omdat God die kuisheid en die reinheid liefhet, ons alle onreinheid ver van ons moet verwyder.[83]

Die bedoeling van die negende gebod is dat ons die waarheid sonder bedrog onder mekaar moet beoefen, aangesien God, wat die waarheid is, die leuen verfoei.[84] En in die tiende gebod wil God die effek bereik dat alle begeerte wat teen die liefde stry uit ons harte verdryf word, aangesien God wil dat die hele siel in besit gehou word deur die gesindheid van die liefde.[85]

---

80) Inst. II, V, 7.
81) Inst. I, XII, 1.
82) Inst. I, XII, 1.
83) Inst. II, VIII, 41.
84) Inst. II, VIII, 47.
85) Inst. II, VIII, 49.

Calvyn haal ten opsigte van die wet met instem=
ming 'n uitspraak van Augustinus aan dat die
wet tot ons saligheid gegee is.[86)]

Wat van die wet geld, geld egter ook vir die hele Skrif. Calvyn verwys naamlik ook na 'n sekere Bernardus wat gesê het dat die deur van die saligheid vir ons geopen word wanneer ons die Evangelie met ons ore ontvang.[87)] Hierdie gerigtheid van die Skrif op ons saligheid toon Calvyn ook aan uit die profete. Namate die profesie gevorder het en die tyd van Christus nader gekom het, word die openbaring van God al hoe duideliker totdat Christus, die Son van die geregtigheid, die hele wêreld verlig het.[88)] Die soteriologiese gerigtheid van die Skrif is vir Calvyn so 'n self-evidente saak dat hy nie eens 'n poging aanwend om al die Skrifbewyse daarvoor aan te voer nie. Hy sou egter uit die latere profete soveel voorbeelde van hierdie gerigtheid van die Skrif op die saligheid van die mens kon aanhaal, dat dit 'n hele self=standige werk sou kon word.[89)]

Calvyn gee verder ook in uitsprake oor afsonder=
like tekste blyke van die aanvaarding van die

---

86) Inst. II, VII, 7.

87) Inst. II, I, 4.

88) Inst. II, X, 20, 21.

89) Inst. II, X, 20, 21.

soteriologiese motief van die Skrifboodskap. Hosea 5:15 wil volgens hom die *effek* bereik dat die volk hom sal verootmoedig.[90] En in verband met II Kor. 2:16 verklaar hy dat dit vir die gelowiges *hiertoe bestem* is dat die Evangelie 'n reuk is van die lewe tot die lewe en 'n krag van God *tot saligheid* vir hulle wat glo.[91]

Selfs die verwyte uit die mond van God, wat in die Skrif opgeteken is, wil die doel bereik dat die sondaar afkerig sal staan teenoor die sonde en hom tot God sal bekeer.[92]

* * * *

Ons kan dus ook hierdie paragraaf afsluit met die positiewe *konklusie* dat die soteriologiese motief van die Skrif deur Calvyn aanvaar en in sy Skrifgebruik toegepas word. Die Skrif is op die mens afgestem en bedoel sy heil.[93]

## 5. Eskatologiese gerigtheid[94]

Die siening ten opsigte van die spesifieke aard en

---

90) Inst. II, V, 13.

91) Vergelyk die brief aan die koning van Frankryk, Sizoo, I, p. xxxiii.

92) Inst. II, V, 11.

93) FÜRSTENBURG. Die skopus van die H.S., p. 201.

94) Soos uit die inhoud van hierdie paragraaf blyk, verstaan ons in hierdie verband onder die eska= tologiese gerigtheid van die Skrifopenbaring dat daar in die Skrif ook profesie en belofte gegee word en dat alles in die Skrif nie in hierdie bedeling ten volle vervuld raak nie. Die Skrif gryp ook inhoudelik vooruit na die toekoms.

eiesoortigheid van die Bybelse kerugma is nie volledig nie, tensy ook die dimensie van die eskatologiese gerigtheid voortdurend in gedagte gehou word. Soos Bijlsma dit stel, die Bybel tendeer in sy wese en bedoeling na die eind=tyd.[95)]

Ons vind dan ook by Calvyn uitsprake wat daarop dui dat hy hierdie eskatologiese gerigtheid van die Skrif aanvaar en toegepas het.

Met verwysing na 'n hele aantal Ou Testamentiese figure, onder andere Adam, Noag, Abraham, Isak en Jakob, toon Calvyn uit hulle lewensgeskiede=nis, waartydens hulle ook veel ellende ondervind het, aan hoedat hulle oë, ten spyte van al die smart en ellende, gerig was op die ewige geluk=saligheid in die hiernamaals.[96)] En in verband met Dawid verklaar hy:

"Indien wij komen tot de profeten, dan doet zich daar het eeuwige leven en het Koninkrijk van Christus in volle schittering voor. En in de eerste plaats David, die evenals hij, wat de tijd betreft, eerder geleeft heeft dan de ande=ren, zo ook naar de orde der Goddelijke bedeling de hemelse verborgenheden duisterder heeft ge=tekend dan zij, met hoe grote duidelijkheid

---

95) BIJLSMA. Schriftgezag en Schriftgebruik, p. 196.

96) Inst. II, X, 10 ev.

en zekerheid richt hij toch al het zijne tot dat doelwit"?[97]

Die heiliges onder die Ou Testament het volgens Calvyn die aardse lewe en sy seëninge hoog geag, juis omdat hulle die eskatologiese gerigtheid van dit alles raakgesien het.[98] Verder ver=wys hy ook spesiaal na twee tekste, naamlik Jes. 66:22 en Dan. 12:1, waar direk en sonder enige bedeksel die toekomstige onsterflikheid wat daar op die gelowiges wag, uitgespreek word.[99]

* * * *

Dit is egter vir die doel van ons onderwerp baie belangrik om daarop te let dat die uit=sprake waarin die eskatologiese gerigtheid van die Skrif aanvaar en toegepas word, terselfder=tyd ook die Christologiese sentraliteit van die Skrifopenbaring duidelik na vore laat tree. Ons het reeds in paragraaf 3 van hierdie hoof=stuk kortliks na hierdie Christologiese sentra=liteit van die Bybelse kerugma verwys en sal in die volgende paragraaf pertinent die aandag daarop vestig. Daar is egter so 'n onverbreek=like samehang tussen die eskatologiese gerigt=heid en die Christologiese sentraliteit van die Skrif dat ons ook in hierdie paragraaf daarna verwys.

---

97) Inst. II, X, 15.

98) Inst. II, XI, 3.

99) Inst. II, X, 22.

Die eindtyd waarna die Skrif in sy wese en be= doeling tendeer, is terselfdertyd die tyd van die volle realisering van die Koninkryk van God en die koningskap van Christus. Calvyn wys daarop dat ons by alle uitsprake en beloftes oor die koninkryk en die koningskap van Christus daarop moet let dat die koninkryk geestelik is en dat die beloftes betrekking het op die toe= koms.[100)]

Dit is vir Calvyn 'n uitgemaakte saak dat die vaders in die Ou Testament Christus gehad het tot 'n pand van die verbond en dat hulle op Hom al hulle vertroue gestel het.[101)] Die Ou Testament of verbond wat die Here met die volk Israel gesluit het, was nie beperk tot aardse sake nie, maar het die belofte ingehou van die geestelike en ewige lewe, waarvan die ver= wagting ingedruk moes wees in die harte van almal wat met die waarheid van die verbond in= gestem het.[102)] Calvyn stel dit dan ook on= dubbelsinning as sy oortuiging dat die geskrif= te van Moses slegs begryp kan word as die Chris= tologiese gerigtheid daarvan in gedagte gehou word. En uit die verband kan ons aflei dat hierdie uitspraak van Calvyn hoofsaaklik betrek= king het op die eskatologies-gerigte dele uit

100) Inst. II, XV, 4.
101) Inst. II, X, 23.
102) Inst. II, X, 23.

die geskrifte van Moses, waaroor hy in die be= trokke paragraaf van die Institusie uitsluitlik handel.[103)]

Ons verwys hier nog ten slotte na 'n uitspraak van Calvyn in verband met Ps. 89:36 ev., waarin die eskatologiese gerigtheid sowel as die Christologiese sentraliteit van die Skrif duidelik na vore kom. Hy verklaar naamlik dat God in die betrokke verse ongetwyfeld beloof dat Hy deur die hand van sy Seun 'n ewige re= geerder en beskermer van sy kerk sal wees. Want, sê Calvyn, nêrens anders as in Christus sal die waarheid van hierdie profesie gevind word nie.[104)]

* * * *

Aan die einde van hierdie paragraaf kan ons vasstel dat die Bybelse kerugma ook 'n bepaal= de eskatologiese gerigtheid vertoon, afgesien van die ander dimensies waarna reeds in hierdie hoofstuk verwys is, en dié waarna in die volgen= de paragrawe verwys word. Ons kan egter ter= selfdertyd vasstel dat daar sonder die Christo= logiese sentraliteit van die Skrif ook geen eskatologiese gerigtheid van die Skrif sou wees nie. Anders gestel, in die lig van die voorafgaande paragrawe van hierdie hoofstuk,

---

103) Inst. II, X, 23.

104) Inst. II, XV, 3.

die Bybelse geskiedenis, wat die vorm van ke=
rugma aanneem, en op 'n bepaalde sentrum afge=
stem is, is nooit "afgelope" nie.[105] Die By=
belse kerugma verkondig dus nie net die heils=
handelinge van God nie, maar te midde van hier=
die handelinge weerklink ook God se heilsbelof=
tes.[106] En vandaar die eskatologiese gerigt=
heid van die Skrifopenbaring.

## 6. Christologiese sentraliteit

God se daad in en met Jesus Christus is die
sentrale heilsgebeurtenis en rondom hierdie
sentrum is die hele Skrif gestruktureer.[107]
Hierdie Christologiese sentraliteit van die
Skrif is ook deur Calvyn begryp en die toepas=
sing van hierdie waarheid vorm 'n uitstaande
kenmerk van sy teologie. Christus vorm die
hart van die hele Skrif.[108]

In die betrokke gedeelte van die Institusie,
waarvan daar in hierdie studie 'n dieptesnit
gemaak word, vind ons ook genoegsame bewys en
motivering vir bogenoemde stelling.

---

105) FÜRSTENBURG. Die skopus van die H.S., p. 195.

106) Ibid.

107) Ibid., p. 199.

108) DUVENAGE, S.C.W. Die gesag van die Heilige Skrif. Potchefstroom, Instituut vir Bevordering van Calvinisme, P.U. vir C.H.O., 1967. Inougu=rele rede - P.U. vir C.H.O. "Herdruk uit Koers". p. 16.

Ter wille van die sistematiek sal ons in die res van hierdie paragraaf na verskillende kate= gorieë van uitsprake verwys, waaruit dit duide= lik blyk dat die Bybelse Kerugma afgestem is op Christus as die sentrum en die skopus van die ganse Skrif.

* * * *

In die *eerste plek* vestig ons hier die aandag op uitsprake in verband met die Christologiese sentraliteit van die *Ou Testamentiese wetgewing*. Calvyn toon aan dat die Profete in hulle pre= diking juis onder andere wou wys op die doel van die wet, naamlik dat Christus as die sen= trum daarvan gesien moet word.[109] Die wet is nooit sonder Christus nie, en die profete wou die groot massa juis daarop wys dat hulle van hierdie waarheid afgedwaal en die wet gevolglik verkeerd geïnterpreteer het.[110] Calvyn beweer dan ook elders, met verwysing na onder andere Ps. 119:105, dat diegene wat nie onderskei tus= sen die dreigende en eisende karakter van die gebooie enersyds, en die belofte van die genade in Christus wat daarmee verbonde is nie, Moses sowel as die Dekaloog verwerp, want die belofte van genade maak soet wat andersins bitter sou wees.[111] Daar is immers niks wat minder aan= treklik is as die wet nie, wanneer dit slegs

109) Inst. II, VII, 1.

110) Inst. II, VII, 1.

111) Inst. II, VII, 12.

dreigend en eisend die siele bekommer. Maar Dawid toon volgens Calvyn in die bogenoemde vers veral aan dat hy in die wet die Middelaar aangegryp het, sonder Wie daar geen genieting of lieflikheid van die wet bestaan nie.[112)]

Met verwysing na die profesie van Maleagi 4:2, in verband met die Son van Geregtigheid, ver= klaar Calvyn dat Maleagi met dié woorde te kenne gee dat die wet "hiertoe diende" om die vromes te hou in die verwagting van Christus wat sou kom.[113)] Hierdie uitspraak werp dus lig op die eskatologiese gerigtheid van die wet, die Christologiese sentraliteit daarvan, en die noue verbondenheid van hierdie twee aspekte.[114)]

'n Ander faset van die Christologiese sentra= liteit van die Ou Testamentiese wetgewing is daarin geleë dat die wetgewing die figuurlike voorstelling was van wat in en deur Christus vervul is.[115)] Volgens Calvyn is die doel van Joh. 1:29, waar Christus gestel word teenoor

---

112) Inst. II, VII, 12.

113) Inst. II, IX, 1. "legem in hoc valere". Dié gedagte lê ook hierin opgesluit van die krag van die wet, wat in Christus geleë is.

114) Vergelyk hierbo, paragraaf 5.

115) Vergelyk onder andere Inst. II, XVII, 4.

die offerandes van die wet, om te leer dat in Hom alleen vervul is, wat in die Ou Testament deur die figure aangewys is.[116] Wendel beves=tig ook hierdie oortuiging, met verwysing na onder andere die Institusie, dat Calvyn die groot waarde en betekenis van die Ou Testamen=tiese wetgewing gesien het in die Christologiese gerigtheid daarvan. Hy stel dit soos volg:

"What makes its value unique is that it is wholly orientated towards the Christ".[117]

Hierdie konklusie van Wendel het egter nie net betrekking op die Ou Testamentiese wetgewing in die engere sin van die woord nie maar ook op die hele seremoniële diens van die Ou Testa=ment. En inderdaad is dit ook die standpunt van Calvyn self dat die seremonies van die Ou Testament, net soos die wet, hulle eintlike sin en betekenis alleen daarin vind dat Chris=tus die sentrum en skopus daarvan vorm.

"En om niet bij meer getuigenissen te blijven staan: de schrijver van de brief aan de He=breën toont van het vierde tot het elfde hoofdstuk uitvoerig en duidelijk genoeg aan, dat de ceremoniën nietswaardig en ijdel zijn, totdat men tot Christus is gekomen".[118]

---

116) Inst. II, XVII, 4.
117) WENDEL. Calvin. p. 197.
118) Inst. II, VII, 2.

En op 'n ander plek verklaar hy:

"Dit dan moet vast blijven, dat, hoewel de ceremoniën der wet opgehouden hebben onderhouden te worden, toch door hun doel beter begrepen wordt, hoe groot hun nut geweest is voor de komst van Christus, die door het gebruik weg te nemen, hun kracht en uitwerking door zijn dood bezegeld heeft".[119)]

Die moeilike teks van Kol. 2:13 ev., waar die skyn gewek kan word dat die seremonies slegs handskrifte is, word dan ook deur Calvyn so verklaar dat die valse profete wou probeer om die Kolossense die Christologiese gerigtheid van die seremoniële diens te laat vergeet.[120)]

* * * *

'n *Volgende kategorie* van uitsprake waarop ons die aandag vestig, het betrekking op die *hele Ou Testament.* Calvyn wy byvoorbeeld besondere aandag daaraan om aan te toon dat die tekens en beloftes, byvoorbeeld die manna in die woestyn, wat die volk in die ou bedeling gehad het, ook toegespits en afgestem was op Chris=tus.[121)] En wat vir ons veral van belang is, is om daarop te let dat Calvyn telkens die Skrif self aan die woord stel by die aanduiding van die sentraliteit en gerigtheid van die hele

---

119) Inst. II, VII, 16.

120) Inst. II, VII, 17.

121) Inst. II, IX, 1.

Ou Testament. So verwys hy byvoorbeeld na Joh. 6:49 ter bevestiging vir sy bewering aan=gaande die Christologiese gerigtheid van die manna in die woestyn, waarna ons hierbo verwys het.[122] En in die vorige hoofstuk verwys hy na Joh. 5:46; Matth. 13:16; Luk. 10:23 en ander plekke, waar Christus onder andere self sê dat die Ou Testamentiese geskrifte en profete reeds van Hom getuig het.[123]

Wanneer Calvyn die Christologiese sentraliteit van die Skrifopenbaring aanvaar en toepas, doen hy dit dus uitsluitlik op grond van die self=getuienis van die Skrif self. Dit is dan ook te verstane dat Calvyn, in die lig van bogenoemde oortuiging, nie skroom om dit as sy oortuiging te stel nie dat die dwaling van die Joodse volk, dat hulle 'n aardse ryk van Christus verwag, daaraan toegeskryf moet word dat hulle verblind is en gevolglik die gerigtheid van die Ou Testa=mentiese geskrifte op Christus nie raaksien nie.

"Ze lezen dus Mozes wel en herlezen hem voort=durend; maar door het deksel, dat over hen ligt, worden zij verhinderd het licht te zien, dat op zijn aangezicht schittert (2 Cor. 3:14). En zo zal hij voor hen bedekt en omhuld blijven, todat hij gericht wordt naar Christus, van wie

122) Inst. II, X, 6.

123) Inst. II, IX, 1.

zij hem nu, zoveel ze kunnen, zoeken af te leiden en weg te trekken".[124)]

* * * *

Vervolgens vestig ons die aandag op die belang= rike *kategorie* van uitsprake wat betrekking het op die *eenheid tussen die Ou Testament en die Nuwe Testament.* Calvyn wy 'n afsonderlike hoof= stuk van die Institusie aan hierdie saak,[125)] en dit is sonder meer duidelik dat die gelykheid of die eenheid tussen die twee Testamente, of ver= bonde, geleë is in die Christologiese sentrali= teit waaromheen beide gestruktureer is.

"Het verbond met alle vaderen verschilt in wezen en zaak in het geheel niet van het verbond met ons, maar is geheel één en hetzelfde. Alleen de bediening verschilt. ........................
...................................................
Bij drie hoofdzaken nu moet men vooral stilstaan. In de eerste plaats, dat wij er aan vasthouden, dat niet de vleselijke rijkdom en voorspoed de Joden als doel gesteld is, waarnaar zij moesten streven, maar dat ze verkoren waren tot de hoop op onsterfelijkheid en dat de waarachtigheid van deze aanneming hun door Goddelijke openba= ringen, door de wet en door de profeten beves= tigd is. Vervolgens, dat het verbond, waardoor zij met God verbonden zijn, op geen enkele ver= dienste van henzelf, maar alleen op de barm=

124) Inst. II, X, 23.
125) Vergelyk Inst. II, X.

hartigheid van God, die hen riep, gegrondvest was. In de derde plaats, dat zij gehad en gekend hebben de Middelaar Christus, door wie zij met God verenigd en zijn beloften deel=achtig zouden worden".[126)]

Wanneer ons die tekste vergelyk, waarna Calvyn verwys in die uiteensetting van bogenoemde sake, naamlik onder andere Rom. 1:2; 3:21; Ef. 1:13; Kol. 1:4; en 2 Thess. 2:14 en ander tekste, word dit vir ons des te meer duidelik dat dit die Christologiese sentraliteit van die twee Testa=mente is waarin hulle ware eenheid gemanifesteer word.[127)]

Onder die Evangelie verstaan Calvyn niks anders nie as die heldere openbaring van die verborgen=heid van Christus.[128)] Hy wys dan ook verder daarop hoedat hierdie selfde Evangelie reeds aanwesig is in die hele Ou Testament, en hy vind dit selfs onnodig om al die Skrifplekke op te noem waardeur hierdie saak bewys word, aangesien dit meer as voldoende bekend is.[129)]

Daar word ook in die Institusie 'n afsonderlike hoofstuk gewy aan die onderskeid tussen die Ou en Nuwe Testament.[130)] Dit is egter uit die

---

126) Inst. II, X, 2.

127) Inst. II, X, 3 ev.

128) Inst. II, IX, 2.

129) Inst. II, IX, 2 ev.

130) Vergelyk Inst. II, XI.

staanspoor duidelik dat hierdie onderskeid niks tekort doen aan die reeds-vasgestelde eenheid nie. Die punte van onderskeid het naamlik be= trekking op die wyse van bediening en nie op die wese nie. Hulle verhinder dus nie dat die be= loftes van die Ou en Nuwe Testament dieselfde bly, en dat ook die *fondament* van hulle beloftes dieselfde bly nie, naamlik Christus.[131)]

Hierdie siening van Calvyn dat die eenheid tussen die Ou en Nuwe Testament geleë is in die Christologiese sentraliteit van beide, is deur verskeie teoloë raakgesien en beklemtoon.

In sy uiteensetting van Calvyn se Skrifbeskou= ing het Wallace, met verwysing na onder andere die Institusie, daarop gewys dat die eenheid tussen die Ou en Nuwe Testament daarin geleë is dat die openbaring in die hele Bybel openba= ring is van Christus, die Middelaar.[132)] Verder toon hy ook aan hoedat Calvyn groot klem ge= plaas het op die feit van die volledigheid en die uniekheid van die openbaring in Christus.[133)]

Wendel is ook oortuig van die Christologiese sentraliteit van die ganse Skrif, en hy beroep

---

131) Inst. II, XI, 1.

132) WALLACE, Ronald, S. Calvin's doctrine of the Word and sacrament. Edinburgh, Oliver and Boyd, 1953. p. 31 & 32.

133) Ibid., onder andere hoofstukke 4 & 5.

hom ook op Calvyn om hierdie oortuiging te bevestig. So wys hy daarop dat die eenheid tussen die Ou en Nuwe Testament vir Calvyn daarin geleë is, dat hy in beide gevind het

"... what he regarded as the *end and aim* of the Scriptures, namely Jesus Christ".[134) (Kursivering van my - C.F.C.C.).

Met spesifieke verwysing na die Institusie, gee Wendel dit elders weer as Calvyn se oor= tuiging dat Christus

"... dominates both of the testaments".[135)

Wolf het ook 'n werk gewy aan die verhouding tussen die Ou en die Nuwe Testament by Cal= vyn.[136) Alhoewel hy hierdie studie baseer op verskillende werke van Calvyn, plaas hy tog groot klem op die gegewens wat in die Institu= sie na vore kom. So begin hy die eerste hoof= stuk van sy werk met die uitspraak in die Institusie waarna ons ook hierbo verwys het, in verband met die wesensgelykheid tussen die twee verbonde.[137) En aan die einde van die

134) WENDEL. Calvin. p. 159.

135) Ibid., p. 209.

136) WOLF, Hans Heinrich. Die Einheit des Bundes; das Verhältnis von Altem und Neuem Testament bei Calvin. Neukirchen, 1958.

137) Ibid., p. 19. Vergelyk hierbo p. 98.

eerste hoofstuk stel hy dit reeds as voorlopige konklusie:

"Man kann aus diesen Andeutungen jedenfalls vermuten, es handelt sich bei substantia und res des Bundes um Christus selbst".[138)]

Dit is vir Wolf 'n uitgemaakte saak, op grond van die uitsprake van Calvyn, dat Christus die fondament is van sowel die ou as die nuwe verbond.[139)] En in die vierde en vyfde hoofstuk van sy werk vind ons ook besondere steun vir die standpunt wat ons in die vorige paragraaf be=klemtoon het, in verband met die noue verbonden=heid tussen die eskatologiese gerigtheid en die Christologiese sentraliteit van die Skrifopen=baring.[140)]

Hierdie Christologiese sentraliteit en gerigt=heid van albei die testamente, wat deur Calvyn spontaan in sy Skrifgebruik aanvaar en toegepas word, lei dan ook tot die volgende uitspraak van Wolf:

"Calvin betont immer wieder, Jesus Christus ist das Ziel (der Skopus, die Seele) des Geset=zes und der Propheten und die Substanz des

138) WOLF. Die Einheit des Bundes. p. 24.

139) Ibid., onder andere p. 27, 29 ev.

140) Vergelyk hierbo paragraaf 5 en WOLF. Die Einheit des Bundes, p. 38 ev.

Evangeliums. Darum ist aber der Skopus der ganzen Bibel Jesus Christus".[141)]

Hierdie stelling van Wolf word dan breedvoerig gemotiveer deur die behandeling van Calvyn se opvatting ten opsigte van die Ou Testamentiese seremonies, gebruike ensovoorts, waarin die Christologiese gerigtheid van dit alles duidelik bely word.[142)]

* * * *

Ons het nou agtereenvolgens in hierdie para= graaf die aandag gevestig op uitsprake van Cal= vyn wat betrekking het op die Ou Testamentiese wetgewing en seremonies, die Ou Testament en die eenheid tussen die Ou en die Nuwe Testament.

Vervolgens wil ons let op enkele uitsprake wat betrekking het op *verskillende fasette van die Skrifopenbaring*, en waarin die Christologiese sentraliteit van die Skrif nogeens duidelik blyk.

Wanneer Calvyn handel oor die nature van Chris= tus en dan spesifiek oor die verbinding van die eienskappe, spreek hy die volgende gedagte uit, wat ons insiens lig werp op die noodsaaklikheid om die Christologiese gerigtheid in die oog te

---

141) WOLF. Die Einheit des Bundes, p. 81.
142) Ibid., vergelyk veral p. 74-108.

te hou by die interpretasie van die Skrif:

"En hier kan niet verontschuldigd worden de dwaling der ouden, die, terwijl ze niet letten op de Persoon van de Middelaar, de *ware zin* van bijna de gehele leer, die in het evangelie van Johannes gelezen wordt, verduisteren en zichzelf in vele strikken verwarren".[143] (Kursivering van my - C.F.C.C.).

Hierdie waarheid, dat die Christologiese sentraliteit van wesenlike belang is by die Skrifinterpretasie, is ook deur Wolf beklemtoon. Hy wys naamlik daarop hoedat Calvyn by die praktiese uitlegging van die Skrif, dit voortdurend in gedagte gehou het dat Christus die skopus van die Skrif is.[144] Ons kan hier ook nog verwys na die volgende uitspraak van Calvyn self, wat die suiwerheid van Wolf se konklusie bevestig:

"Daar wij dan zien, dat de gehele hoofdsom onzer zaligheid, en ook de delen afzonderlijk in Christus begrepen zijn, zo moeten wij er ons voor hoeden, dat wij zelfs niet het geringste deeltje op een ander overdragen".[145]

Hierdie selfde gedagte beklemtoon Calvyn ook in twee ander uitsprake, waarin hy handel oor die engele. Hy verwys dan in die eerste plek

---

143) Inst. II, XIV, 3. "totius fere doctrine".

144) WOLF. Die Einheit des Bundes. p. 140 ev.

145) Inst. II, XVI, 19.

na Kol. 1:16 en 20 en stel dit as sy oortuiging dat Paulus met groot sorgvuldigheid daarop aan=dring dat Christus nie alleen bo alle engele gestel moet word nie, maar dat Hy ook vir hulle die Bewerker van alle goeie dinge is,

"opdat wij niet Hem zouden ter zijde laten en ons tot hen wenden, die ook niet voor zichzelf genoeg kunnen zijn, maar uit dezelfde bron putten als wij".[146]

In die tweede uitspraak word die bepaalde doel wat God voor oë het met die openbaring aangaande die engele, selfs nog duideliker gestel:

"Daarom laat ons al wat gezegd wordt over de dienst der engelen tot dit doel richten, dat, met overwinning van alle gemis aan vertrouwen, onze hoop op God des te sterker bevestigd wordt. ..........................................
Hoe verkeerd is het dan, door de engelen ons van God af te laten leiden, die hiertoe bestemd zijn om ons te getuigen, dat zijn hulp des te nader bij is. ..........................................
Want wat bescreven wordt in het gezicht van Jacob (Gen. 28:12), moet diep in ons harten in=gegrift zijn, namelijk dat de engelen naar de aarde tot de mensen afdalen, en van de mensen naar de hemel opklimmen langs een ladder, op welke de Here der heirscharen gezeten is. Daar=door wordt aangewezen, dat alleen door Christus

146) Inst. I, XIV, 10.

tussenkomst de dienst der engelen tot ons komt, zoals Hij zelf verzekert (Joh. 1:52)".[147)]

* * * *

Ons sou dit as 'n *voorlopige konklusie* kon stel, na aanleiding van Calvyn se uitsprake oor die Christologiese sentraliteit van die Skrifopenba= ring, dat daar in die Skrif 'n onderskeid gemaak moet word tussen sake wat nader aan die *sentrum*, en sake wat nader aan die *periferie* lê. Ons sal ook in die slothoofstuk van hierdie studie weer op hierdie saak terugkom. Dit kan egter nou reeds as ons oortuiging gestel word, dat hierdie onderskeid tussen sentrum en periferie ook deur Calvyn aanvaar en toegepas is. Ons kan hier onder andere verwys na die volgende uit= spraak, bo en behalwe die uitsprake waarna reeds in hierdie paragraaf verwys is:

"Want in orde ging vooraf die soort van kennis, waardoor het hun gegeven werd te weten, wie die God is, door wie de wereld geschapen is en be= stuurd wordt. Vervolgens is daaraan toegevoegd de *andere diepergaande* kennis, die alleen de dode zielen levend maakt, door welke God niet slechts als Schepper gekend wordt en als enige Bewerker en Rechter van alles wat geschiedt, maar ook als Verlosser in de persoon van de Middelaar".[148)] (Kursivering van my - C.F.C.C.).

* * * *

147) Inst. I, XIV, 12.

148) Inst. I, VI, 1.

Dit is egter ons oortuiging op grond van die Skrifgebruik van Calvyn, dat hy nie net die onderskeid aanvaar het tussen sentrum en peri=ferie, ten opsigte van die *hele Skrifopenbaring* nie, maar dat daar ook in die *spesifieke Chris=tusgebeure* sodanige onderskeid gehandhaaf moet word. Anders gestel, die liggaamlike dood en opstanding van Christus vorm die sentrum, die hoogtepunt van die spesifieke gebeure in, deur en rondom Christus, net soos die Christologiese gerigtheid weer die sentrum vorm waaromheen die hele Skrifopenbaring gestruktureer is.

Ter bevestiging van hierdie afleiding verwys ons na twee uitsprake in die betrokke gedeelte van die Institusie. Calvyn verklaar byvoor=beeld in verband met Johannes die Doper dat hy die hoofsom van die Evangelie uitgespreek het toe hy Christus die Lam van God en die Offerande tot versoening genoem het.[149] Hieruit blyk ons insiens duidelik die Christologiese sentraliteit van die Skrifopenbaring. Maar dan vervolg Cal=vyn, met verwysing na Christus se woorde in Matth. 11:11:

"... zegt Christus toch, omdat hij (Johannes - C.F.C.C.) de onvergelijkelijke kracht en heer=lijkheid, die eerst in de opstanding begonnen is te schitteren, niet uitgelegd heeft, dat hij de mindere is van de apostelen".[150]

---

149) Inst. II, IX, 5.

150) Inst. II, IX, 5.

Uit hierdie uitspraak wil ons dan dié afleiding maak dat ons nie net kan praat van die Christo= logiese sentraliteit van die hele Skrif nie, maar daarby ook steeds in gedagte moet hou dat die liggaamlike dood en opstanding van Christus die eintlike hoogtepunt of sentrum vorm. Dit is dus nie 'n geval van twee hoogtepunte of sentrums nie, maar 'n beklemtoning van dié feit dat in die spesifieke Christuskerugma, wat be= trekking het op die tyd van sy vleeswording tot sy hemelvaart, alles ook weer nie op een vlak naas mekaar geplaas word nie, maar dat die uit= eindelike hoogtepunt en sentrum van die hele Skrif en die spesifieke Christuskerugma gevind word in die liggaamlike dood en opstanding van Christus.

Die volgende uitspraak van Calvyn bevestig ons insiens ook hierdie afleiding. Hy beklemtoon naamlik die feit dat Christus gedurende sy hele lewe die rol van Verlosser vervul het. Maar dan vervolg hy:

"Om des te zekerder de wijze der redding te verklaren, schrijft echter de Schrift dit als bijzonder en eigen toe aan de dood van Christus.
..................................................
"En daarom wordt in de zogenaamde apostolische geloofsbelijdenis in uitnemende volgorde ter= stond van de geboorte van Christus overgegaan tot zijn dood en opstanding, waarin de hoofdsom

van de volmaakte zaligheid gelegen is".[151)]

* * * *

Sonder om al die gegewens te herhaal, herinner ons ter wille van die volledigheid van hierdie paragraaf aan die verband wat in die vorige paragrawe aangetoon is tussen die Christologiese sentraliteit van die Skrifopenbaring en die ander fasette van die skopus van die Skrif. So het ons gewys op die spesifieke inhoud van die Kerugma van die Skrif, naamlik dat Christus verkondig word.[152)] Ons het ook daarop gewys dat God, deur die verkondiging en optekening van hierdie spesifieke Christuskerugma, 'n bepaalde effek wil bereik.[153)] En in die derde plek het ons daarop gewys hoedat die eskatologiese gerigt=heid van die Bybelse struktuur onlosmaaklik verbonde is aan die Christologiese sentrali=teit.[154)]

* * * *

In die lig van hierdie gegewens en die ander uitsprake van Calvyn waarna in hierdie para=graaf verwys is, kan ons dit dus as *finale konklusie* stel dat die Christologiese sentra=liteit van die Skrif die eintlike skopus van

---

151) Inst. II, XVI, 5.

152) Vergelyk hierbo, paragraaf 3.

153) Vergelyk hierbo, paragraaf 4, in verband met die soteriologiese motief.

154) Vergelyk hierbo, paragraaf 5.

die Skrif uitmaak. Dit is die kern waaromheen alles in die Skrif sentreer. Fürstenburg praat in hierdie verband van die essensiële skopus van die Skrif.[155]

Ons vind dan ook grootliks eenstemmigheid onder teoloë oor hierdie saak. Enkele uitsprake kan hier genoem word. Wanneer Murray byvoorbeeld handel oor Calvyn en die gesag van die Skrif, maak hy die volgende opmerking:

"Calvin leaves us in no doubt whatsoever that in his esteem the incarnate Son is the focal point of divine revelation".[156]

Van J.I. Packer het ons die volgende belangrike uitspraak, wanneer hy handel oor Calvyn se uit= eensetting van die kennis van God:

"It is already clear that the focal centre of Calvin's concern with the intellectual structure of the knowledge of God was his anxiety that men should think biblically of Christ, and of grace. Like Luther, he stressed that Christ is the scopus of Scripture, the 'goal' to which it all points, and that grace is the uniting theme which binds the two Testaments together".[157]

155) FÜRSTENBURG. Die Skopus van die Heilige Skrif. p. 199.

156) MURRAY, John. Calvin on Scripture and divine so= vereignty. Grand Rapids, Mich., Baker Book House, 1960. p. 35.

157) PACKER, J.I. Calvin the teologian. In DUFFIELD, G.E. John Calvin. Appleford, Sutton Courtenay Press, 1966. p. 158 & 159.

Packer maak hierdie stelling met verwysing na sowel die Institusie as die kommentaar van Calvyn op die brief aan die Romeine.[158)]

Ook Bijlsma huldig die oortuiging dat die ver=wysing van Luther en Calvyn na Christus as die skopus van die Skrif, gesien moet word as 'n poging om die *Skrifgeheel* nader te omskryf.[159)] En Wendel toon aan dat die kennis van Christus die "true end" van die Skrif was vir Calvyn.[160)] Hy verwys dan na die Institusie en ook na Cal=vyn se inleiding tot die Geneevse Bybel, asook na sy kommentaar op Joh. 5:39, waar hy dit uit=druklik stel dat ons die Skrif moet lees met die uitsluitlike doel om Christus daarin te vind. Dit is egter duidelik dat Wendel die oortuiging huldig dat Calvyn die Christologiese sentraliteit van die Skrif ook in die Institu=sie beklemtoon. Hy verwys dan ook spesifiek na onder andere Boek I, II, 1 en IV, VIII, 5 en verklaar verder in hierdie verband:

"In short, Jesus Christ is at the centre of the whole of the Bible, of which He is the vivifying spirit, since God, hidden from sinful man, has been revealed only in Jesus Christ, and it is

---

158) PACKER, J.I. Calvin the theologian. p. 157 ev.

159) BIJLSMA. Schriftgezag en Schriftgebruik. p. 178.

160) WENDEL. Calvin. p. 154.

the Bible that bears witness to that revela=tion".[161)]

Met spesifieke verwysing na die Institusie be=vestig Wendel weer eens die bogenoemde konklu=sie in die volgende uitspraak:

"The Biblical witness as a whole is to be re=garded as witness to Jesus Christ, and theology has no other purpose than the guidance of be=lievers in this quest of the Christ through all the Biblical writings. Calvin's Christocen=trism, it cannot be said too often, is as definite and as clearly expressed as that of Luther. But naturally, this is more evident in the chapters of the Institutes which are specially devoted to Christ and his redemptive work, than it is elsewhere".[162)]

Ten slotte kan ons hier verwys na 'n uitspraak van Wolf, waarin hy ons konklusie, dat die Christologiese sentraliteit van die ganse Skrif=openbaring die eintlike skopus van die Skrif uitmaak, uitnemend saamvat. Hy handel naamlik oor die Christologiese gerigtheid van die Ou Testament, soos dit deur Calvyn aanvaar en toe=gepas word, en dan verklaar hy:

"Das ist der scopus aller Verkündigung des Willens Gottes und aller Geschichte des erwähl=

---

161) WENDEL. Calvin. p. 155.
162) Ibid., p. 215.

ten Volkes, entscheidend bezeugt im Ereignis des Bundes, und darum sprechen Verkündigung und Geschichte dieses Volkes zu uns, sie handeln von uns, auch wenn der Name Christi nicht ge=nannt ist, von dem aber Verkündigung und Ge=schichte immer getragen sind".[163]

## 7. Cognitio Dei

Die hoofstuk oor die funksionering van die skopusgedagte by Calvyn kan alleen volledig wees as ons ook ten slotte wys op die geweldige klem wat Calvyn plaas op die kennis van God wat in die Skrif geopenbaar word.

Die Skrif is gerig op die suiwere openbaring van God. Die kennis van God, wat andersins verward in ons binneste sou bestaan, word deur die Skrif versamel en sodoende verdryf die Skrif die duisternis in ons harte en toon aan ons duidelik die ware God.[164]

Calvyn plaas besonder klem op dié feit dat die Skrif aan ons die ware en suiwere kennis aan=gaande God meedeel. En dit geskied nie sonder rede nie. Hierdie kennis moet naamlik in die eerste plek daartoe lei dat God nie vermeng word met die skare van valse gode nie.[165] En dit geld vir aldrie persone in die Goddelike Drie-eenheid. Deeglike en ywerige Skrifstudie

---

163) WOLF. Die Einheit des Bundes. p. 167.
164) Inst. I, VI, 1.
165) Inst. I, VI, 2.

is nodig, omdat die Skrif ons ook die regte kennis aangaande die Gees wil skenk, sodat ons dié Gees sal kan onderskei van ander geeste.[166)] En wat Christus betref, moet ons oor die suiwe=re kennis beskik, sodat ons sal weet waartoe Hy deur die Vader gestuur is.[167)]

Die suiwere kennis van die Drie-enige God, soos dit in die Skrif aan ons meegedeel word, moet in die tweede plek daartoe lei dat die dwaas=heid en sinloosheid van die wêreld, en die spitsvondigheid van die ongewyde wysbegeerte oopgevlek en weerlê word.[168)]

Die Woord van God is dus gegee as 'n hulpmiddel sodat ons langs die weg daarvan kan kom tot die suiwere aanskouing van God.[169)] Want die kennis van God wat aan ons in die Skrif voor oë gehou word, dien tot geen ander doel nie as dat dit ons in die eerste plek nooi tot die vrese van God en daarna tot vertroue op Hom.[170)]

* * * *

Ons moet egter hier onmiddellik die aandag daar=op vestig dat daar geen anomalie bestaan tussen die gerigtheid van die Skrif op die suiwere

166) Inst. I, IX, 2.
167) Inst. II, XV, 1.
168) Inst. I, XI, 1 en I, XIII, 1.
169) Inst. I, VI, 3.
170) Inst. I, X, 2.

kennis van God en die Christologiese sentrali=
teit of gerigtheid van die Skrif nie. Dit is slegs in en deur Christus dat God waarlik geken kan word.

Calvyn kwalifiseer dan ook in meer as een uit= spraak in die betrokke gedeelte van die Insti= tusie hierdie Godskennis as saligmakende kennis. God het aan ons nie sonder rede nie die lig van sy Woord geskenk, sodat Hy daardeur tot salig= heid bekend sou word.[171)] En hierdie saligma= kende kennis van God kan sonder Christus nie bestaan nie.[172)]

Hierdie saligmakende kennis is dan ook nie 'n ander soort kennis as dié ware en suiwere Gods= kennis waarna ons in die begin van hierdie pa= ragraaf verwys het nie. Want Calvyn stel dit baie duidelik dat *geen ware Godskennis* moontlik is sonder die prediking van die Kruis, sonder Christus nie. Die prediking van die Kruis, die Middelaar, die Versoening, het immers gekom nadat die mens in die sonde geval en alle Gods= kennis verloor het.[173)]

In die kern van die saak gaan dit hier om die vraag hoe Calvyn die Christologie beskou.

---

171) Inst. I, VI, 1.
172) Inst. II, VI, 4.
173) Inst. II, VI, 1 ev.

De Groot toon byvoorbeeld aan dat by Calvyn altyd op die voorgrond staan dat Christus die Raad en die misterie van God onthul. En daar=mee bly Calvyn getrou aan die teosentriese karakter van sy teologie.[174] Hy sien die Christologie dus nie eensydig soteriologies toegespits nie:

"Hij houdt voortdurend het oog op God gericht en de zondige mensch en zijn verlossing en zaligheid blijven voor hem altijd onderge=schikt aan het groote doel der gloria Dei".[175]

Rossouw verwys na hierdie selfde saak en toon onder andere aan hoedat ons hier te doen kry met een van die verskilpunte tussen die op=vattings van Luther en Calvyn.[176] Luther se opvatting het uiteindelik daartoe gelei dat die Christologie versmal is in 'n soteriologiese toespitsing.[177] Hierteenoor is Calvyn se visie op die Woord van God nie in die eerste instansie georiënteer aan die regverdigingsleer nie maar aan die gedagte van die cognitio Dei.[178]

* * * *

---

174) DE GROOT. Calvijns opvatting over de inspiratie der H.S. p. 99.

175) Ibid.

176) ROSSOUW. Klaarheid en interpretasie ... Vergelyk onder andere p. 190 ev.

177) Ibid., p. 193.

178) Ibid., p. 197 & 198.

Dit bring ons onmiddellik by die beklemtoning deur Calvyn van die eer van God.

"Die Openbaring het ... vir Calvyn meer omvat as die soteriologiese spits van die iustificatio sola fide. In die Openbaring het God ook sy ganse Godheid, sy ganse wysheid, geregtigheid en goedheid wat sig ook nog anders toon as in die regverdiging, bekend gemaak. Die ware Godskennis wat in die doctrina van die Openba=ringswoord aan ons meegedeel word, beteken vir die sondaar, wanneer hy hierdie doctrina in die geloof omhels, persoonlike heil, maar terself=dertyd sluit dit ook in sigself 'n erkenning in van Gods 'roem', van sy 'eer' en 'majesteit', 'n erkenning wat sig in die persoonlike lewe van die mens uitwerk. Die heil van die mens is vir Calvyn nie 'n doel in sigself nie, maar die herstel van die gemeenskap met God vind sy uit=eindelike bestemming in die verheerliking van God die Vader, in die soli Deo gloria. Die ware kennis van God is gerig op die verering van sy Naam".[179)]

Die ware leer, sê Calvyn, is volgens die ge=tuienis van Christus gerig op die soek van die eer van God.[180)] Fürstenburg praat in hierdie

179) ROSSOUW. Klaarheid en interpretasie ... p. 196.

180) Vergelyk die begeleidende brief aan die koning van Frankryk.

verband van die teo-doksologiese finaliteit waarop alles uitloop, die verderliggende doel=wit of die einddoel van die Openbaring.[181)]

Aan die einde van hierdie paragraaf is dit dus vir ons duidelik dat dit geen ongerymdheid is dat Calvyn die solus Christus en die soli Deo gloria met ewe veel klem stel nie. Ons moet dit slegs so sien dat hy albei hierdie beklem=toninge ernstig wil neem in hulle onderlinge kwalifikasie van mekaar.

---

181) FÜRSTENBURG. Die skopus van die H.S. p. 201 & 202.

# HOOFSTUK 4

## SAMEVATTING EN KONKLUSIE

Dit was die bedoeling om in hierdie studie 'n dieptesnit te maak van die betrokke gedeelte van die Institusie van Johannes Calvyn, met die oog op die beligting van 'n bepaalde faset van sy Skrifbeskouing. Die neerslag van hierdie ondersoek, en die perspektiewe wat ons insiens daardeur geopen word, word nou in hierdie hoof=stuk puntsgewys weergegee.

1. In die huidige teologiese besinning oor die vrae rondom die Skrif word steeds meer aandag gevra vir die sogenaamde skopus van die Skrif. Die beklemtoning van hierdie skopus tree as't ware vanselfsprekend na vore sodra daar inten=sief met die inhoudelike van die Skrif omgegaan word.

2. Die beklemtoning van die inhoudelike van die Skrif lei ook tot 'n genuanseerde omgang van die kant van die teoloog met die Skrif, deur=dat die eie aard en karakter van die Skrif, sy gerigtheid en intensionaliteit, onontwykbaar na vore tree.

3. In die besinning oor die skopus van die Skrif, moet daar 'n wye konnotasie aan hierdie begrip geheg word. Dit het betrekking op die aard en

karakter van die Skrif, sy eiesoortigheid en gekwalifiseerdheid. Dit sien verder op die gerigtheid, hoofsom, sentraliteit, boodskap, inhoud en intensionaliteit van die Skrif. En dit kan ook 'n aanduiding wees van die spesifieke doelwit waarop die Skrif afgestem is. Samevattend kan gesê word dat daar in 'n poging om die skopusbegrip inhoudelik te vul, 'n antwoord gesoek moet word op die vrae: Wat wil die Skrif wees; wat wil die Skrif bied; wat wil die Skrif bereik?

4. Daar kan geen twyfel bestaan oor die aktualiteit van die bestudering van die skopus van die Skrif nie. Hierdie aktualiteit word beklemtoon deur die gebrek aan eenstemmigheid wat daar onder teoloë bestaan oor die presiese betekenis en draagwydte van die skopusbegrip.

5. Verskillende vrae en probleme wat hermeneuties en in ander opsigte na vore tree, asook gevare waaraan die teologie blootgestel word by die bestudering van die skopus van die Skrif, beklemtoon verder die dringendheid van deeglike besinning oor hierdie saak.

6. Ook die legitimiteit van hierdie besinning kan vir geen oomblik betwis word nie. Dit word beklemtoon deur die feit dat die intensionaliteit van die Skrif met die getuienis daarvan self gegee is, en vanself na vore tree sodra

die Skrif self aan die woord gestel word.

7. Wanneer daar in die huidige teologiese besinning 'n beroep gedoen word op Calvyn om 'n bepaalde standpunt te sanksioneer moet daar rekening gehou word met die gevaar dat die geskiedenis subjektief ingekleur word deur 'n bepaalde pro= bleemstelling uit die moderne tyd te verplaas na die tyd van Calvyn.

8. Wat die besinning oor die skopus van die Skrif betref, kan daar egter geen twyfel bestaan nie dat die saak waaroor dit hier gaan, reeds deeg= lik aanwesig was in die teologie van Calvyn. Soos dit egter die geval is met die geheel van sy Skrifbeskouing, het hy ook nie aan hierdie saak spesifieke aandag gewy nie. Sy werklike beskouing moet dus geabstraheer word uit ver= spreidliggende uitsprake in al sy werke.

9. Die volgende sake beklemtoon ons insiens reeds uit die staanspoor die aanwesigheid van hier= die saak in die teologie van Calvyn:

(a) Die spesifieke doel wat Calvyn vir hom= self gestel het by die skryf van sy Institusie, naamlik om vas te stel waarna mens veral moet soek by die lees van die Skrif.

(b) Dit is 'n erkende feit dat Calvyn hom= self reeds rekenskap gegee het van die sentrali=

teit en die fundamentele in die Bybelse bood=
skap.[1)]

(c) Soos vandag, het dit ook in die Reformasie gegaan om die spesifieke aard van die Skrif en sy eienskappe.[2)]

(d) Met die Reformasie het daar 'n totale wending gekom na die "sola Scriptura" en het hulle hulle met 'n ongekende intensiteit ver= diep in die inhoud, die verba van die Skrif, en het hulle geleer om hierdie verba te lees, te verstaan en te verklaar in en vanuit hul betrokkenheid op die "res", die "perspektivische Mitte" van die Skrif.[3)] Die absolute beklem= toning van hierdie beginsel van "sola Scriptu= ra" deur Calvyn, is die belangrikste enkele faktor wat lei tot die positiewe en suiwere beklemtoning van die skopus van die Skrif. Dit is alleen in gehoorsaamheid aan die Skrif en in eerbiedige luister na die boodskap van die Skrif dat 'n antwoord gevind kan word op die vraag na die eie aard, die eienskappe en die sentrale inhoud van die Skrif. Calvyn was so 'n Skrifteoloog by uitnemendheid.

1) BERKOUWER. De Heilige Schrift, Dl. II, p. 81 ev.

2) Vergelyk onder andere FORSTMAN, H. Jackson. Word and Spirit; Calvin's doctrine of Biblical autho= rity. Stanford, Calif., Stanford Univ. Press, 1962. p. 1& 2.

3) FÜRSTENBURG. Die skopus van die Heilige Skrif. p. 200.

10. By die bestudering van die betrokke gedeelte van die Institusie het dit veral getref dat Calvyn op 'n besondere spontane en natuurlike wyse die skopus van die Skrif aanvaar, toepas en die Skrif self laat spreek. Hierdie spon= tane hantering van die skopusgedagte in sy teologie dui vir ons op 'n besef by Calvyn dat die skopus van die Skrif 'n self-evidente en vanselfsprekende saak is, waaroor daar geen twyfel bestaan nie. Hierdie selfde spontane funksionering van die skopusgedagte maak dit egter andersyds dikwels moeilik om vas te stel watter faset van die skopusgedagte deur Calvyn belig word. Dit verseker nietemin dat ons nie besig is om Calvyn voor ons teologiese karre= tjie te span wanneer daar 'n beroep op sy standpunt gedoen word in die positiewe beklem= toning van die skopus van die Skrif nie.

11. Dit is by die bestudering van die Institusie uit die staanspoor dan ook duidelik dat die skopusgedagte terdeë aanwesig is in die teolo= gie van Calvyn. Ons sien dit in die eerste plek in sy spesifieke benadering en beskouing van die Skrif, wat ons sou kon bestempel as 'n genuanseerde Skrifbenadering en -beskouing. In die tweede plek blyk dit uit sy aanvaarding van die bepaalde gerigtheid of intensie van die hele Skrif, bepaalde tekste, bepaalde ge= beure wat in die Skrif opgeteken is, ensovoorts.

12. Nadat die aanwesigheid van die skopusgedagte by Calvyn vasgestel is, kon daar gepoog word om, aan die hand van die Skrifgebruik van Calvyn, die skopusbegrip inhoudelik te vul. Dit is ge= doen deur die bestudering van bepaalde Skrif= dimensies wat deur Calvyn aanvaar en toegepas word. Die aanwesigheid van hierdie dimensies dui terselfdertyd op die aanwesigheid van die skopusgedagte. In die betrokke gedeelte van die Institusie gee Calvyn dan veral blyke van die aanvaarding en hantering van onder andere die volgende dimensies: Die heilshistoriese bepaaldheid; die kerugmatiese struktuur of gerigtheid; die soteriologiese motief; die eskatologiese gerigtheid; die Christologiese sentraliteit; die kennis-openbaring; en die teo-doksologiese finaliteit.

13. In die aanvaarding en toepassing van hierdie verskillende dimenses gee Calvyn terselfder= tyd blyke van die besef dat die Woord van God as religieus bestempel kan word. In die woorde van Bavinck gestel, kan ons sê dat Calvyn die Skrif aanvaar het as religieus, die Woord van God tot saligheid en geen wetenskaplike boek in engere sin nie.[4)]

14. Die aanduiding van die verskillende Skrifdimen= sies beklemtoon ook die feit dat daar op die

4) Vergelyk onder andere BERKOUWER. De Heilige Schrift, Dl. I, p. 178 & 179.

skopusvraag nie eenlynig geantwoord kan word nie. In die beklemtoning van die verskillende dimensies tree immers ook die "meerdere gerigt= heid"[5] van die Skrif duidelik na vore.

15. Daar is weinig publikasies wat spesifiek en volledig aandag skenk aan hierdie verskynsel van die "meerdere gerigtheid" van die Skrif. Fürstenburg los die probleem op deur die ge= bruik van terme soos "skopus", "essensiële skopus", "verderliggende doel".[6]

16. Dit kan in elk geval met sekerheid vasgestel word, ook op grond van die uitsprake van Cal= vyn, dat daar 'n noue verweefdheid en verbon= denheid is tussen die verskillende "lyne" van gerigtheid in die Skrif. Daar kan dan ook geensins sprake wees van skeiding tussen hier= die verskillende "lyne" nie, maar hoogstens van onderskeiding.

17. Hierdie meerdere gerigtheid van die Skrif hang ons insiens ook saam met die onderskeiding wat daar gemaak word tussen die indikatief en

---

5) Hierdie begrip word gebruik in 'n poging om die rykdom, gevarieerdheid en draagwydte van die skopusbegrip enigsins onder woorde te bring. Ons vertrou dat dit uit die uiteensetting sal blyk watter konnotasie daar aan die begrip "meerdere gerigtheid" geheg word.

6) FÜRSTENBURG. Die skopus van die Heilige Skrif, onder andere p. 199, 201, 202.

en die imperatief van die Skrifboodskap. Die Skrif is naamlik nie alleen inhoudelik afgestem op 'n bepaalde doel nie, wil nie alleen iets bied nie, maar wil ook iets be= reik, 'n bepaalde effek sorteer.

18. Wanneer Runia praat van die skopus van die Skrif, bedoel hy ons insiens veral die sote= riologiese gerigtheid van die Skrif, die effek wat dit wil bereik.[7)] Hierdie feit beklemtoon opnuut die noodsaaklikheid van die bestudering van die skopusgedagte ten einde eenstemmigheid en duidelikheid te verkry met betrekking tot hierdie meerdere gerigtheid en die presiese draagwydte van die skopusbegrip.

19. Die meerdere gerigtheid van die Skrif hou ook verband met die onderskeiding wat daar in die Koninkryksverkondiging gemaak word tussen die "reeds" en die "nog nie" van die Koninkryk. Die eskatologiese gerigtheid van die Skrif sien byvoorbeeld daarop dat die Skrif ook be= loftes bevat en dat hierdie beloftes van God nie ten volle "uitvervul" word nie, tot op die dag van die voleinding.

20. Ten opsigte van hierdie meerdere gerigtheid kan verder vasgestel word dat dit juis in die onderlinge verbondenheid en organiese

---

7) RUNIA. Het gezag van de Schrift, p. 14.

vervlegtheid daarvan is dat die Skrifgeheel na sy eie aard en struktuur ten volle belig word. In hierdie verband wys Fürstenburg byvoorbeeld telkens daarop dat die een gesigs=punt nie volledig is as die ander nie ook be=klemtoon word nie.[8)]

21. Behalwe die onderlinge organiese verweefdheid wat daar tussen die verskillende dimensies en ook die verskillende "gerigthede" van die Skrif bestaan, kan ons tog ook vasstel dat daar 'n sekere orde bestaan. Die terminologie van Fürstenburg waarna ons hierbo verwys het, dui reeds daarop.

22. Die Skrifgetuienis self, asook die uitsprake van Calvyn, dui in elk geval onteenseglik daar=op dat die Christologiese sentraliteit van die Skrif die eintlike skopus uitmaak waaromheen alles sentreer. Dit wil voorkom asof die ander gerigthede of skopusse juis daarop af=gestem is om hierdie sentraliteit des te hel=derder te belig en te beklemtoon.

23. Dit bring ons by die onderskeiding wat daar gemaak word ten opsigte van die Skrifopenba=ring tussen sentrum en periferie. Die posi=tiewe beklemtoning van die skopusgedagte bewys onteenseglik die legitimiteit, noodsaak=

---

8) FÜRSTENBURG. Die skopus van die Heilige Skrif, onder andere p. 201.

likheid en suiwerheid van hierdie onderskei=
ding. Alles in die Skrif het nie dieselfde
betekenis nie. Een mededeling lê nader aan
die sentrum, naamlik Christus, as 'n ander.[9)]

24. In hierdie verband kan die aandag ook daarop gevestig word dat daar nie eenstemmigheid be= staan oor die presiese opvatting van Calvyn nie. Cramer beweer byvoorbeeld dat die heils= inhoud van die Skrif vir Calvyn die eintlike inhoud was, en dat in die lig daarvan die an= der dele van die Skrif besien word.[10)] De Groot toon weer aan, veral teenoor die stand= punt van Cramer, dat Calvyn geen onderskeid gemaak het tussen die heilsinhoud van die Skrif en die res nie.[11)] En Forstman maak die bewering dat Calvyn nie die een deel van die Skrif as belangriker beskou het as 'n ander deel nie.[12)]

25. Dit is ons oortuiging dat die positiewe be= klemtoning van die "sola Scriptura"-beginsel Calvyn weerhou het van 'n onderskeiding tus= sen belangrike en minder belangrike dele in

---

9) DUVENAGE. Die gesag van die Heilige Skrif. p. 24.

10) CRAMER. De Heilige Schrift bij Calvijn. p.58.

11) DE GROOT. Calvijn's opvatting over de inspi= ratie ... p. 98 ev.

12) FORSTMAN. Word and spirit. p. 43.

die Skrif. Daar is egter 'n duidelike verskil tussen die onderskeiding van belangrik/onbe=langrik en die onderskeiding van sentrum/periferie. Laasgenoemde onderskeiding is wel deeglik deur Calvyn toegepas. So het ons aan=getoon hoedat die hele Skrif gerig en afgestem is op die Sentrum, naamlik Christus, en hoe=dat alles uiteindelik uitloop op die finale sentrum en hoogtepunt, naamlik die Liggaam=like Dood en Opstanding van Christus.

26. In die lig van wat hierbo gesê is, wil ons ons ook uitspreek teen die onderskeiding tussen fundamentele sake en nie-fundamentele sake in die Skrif. Ons insiens dui die toepassing van hierdie onderskeiding in sy volle konse=kwensies op 'n willekeurige en subjektiewe reduksie van die Skrifinhoud. Nou is dit wel bekend dat Bavinck ook hierdie onderskeiding gebruik het. Hy het hom egter gedistansieer van allerlei addisie-elemente en was ook daarvan bewus dat mens van hierdie onderskei=ding ernstig misbruik kan maak.[13)]

27. Die onderskeiding tussen sentrum en periferie, wat met die Skrifgetuienis self gegee is, bewaar ons enersyds van willekeurige reduksie, en andersyds van 'n "reliëflose" benadering van die Skrif. In die positiewe toepassing

13) Vergelyk onder andere BERKOUWER. De H.S., Dl. II, p. 83 ev.

van hierdie onderskeiding sal daar steeds gevra word na die skopus *van* die Skrif en nie na die skopus *in* die Skrif nie.

28. Die unieke skopus van die Skrif is geleë in die Christologiese sentraliteit. Hierdie Christologiese sentraliteit word dan ook al= lerweë in die teologie gehonoreer.[14)]

29. Wat Calvyn betref, hy het die eenheid van die Skrif in Christus verankerd gesien. Dit gaan daarom dat ons deur die Bybel leer om ons vertroue op God te stel en in die vrese van die Here te wandel. En Jesus Christus is die doel van die ganse Skrif en die Substan= sie van die Evangelie. Daarom gaan dit in die omgang met die Bybel om dié één ding, dat ons Jesus Christus leer ken. Die Skrif moet gelees word met die bedoeling om Chris= tus daarin te vind. Wie van hierdie skopus afwyk, mag sy hele lewe in die Bybel studeer, maar hy sal nooit tot die kennis van die waarheid kom nie.[15)]

---

14) Die literatuur wat hierdie saak beklemtoon, is byna onoorsienbaar. Behalwe die werke waarna reeds in hierdie studie verwys is, kan ook die volgende onder andere vergelyk word: DODD, C. H. De Bijbel in deze tijd. Utrecht, Spectrum, 1961; GREIDANUS, S. Bizondere canoniek van de boeken van het Nieuwe Testament. Kampen, J.H. Kok. 1947-49.

15) BIJLSMA. Schriftgezag en Schriftgebruik. p. 175.

30. In die beklemtoning van hierdie Christologiese sentraliteit, moet die Christologie egter in sy volle draagwydte gehonoreer word, sodat dit nie lei tot 'n versmalde soteriologiese toe= spitsing nie. Wanneer die Christologie egter ten volle gehonoreer word, val die klem uit= eindelik suiwer op die beginsel van die "soli Deo gloria", waarop alles uiteindelik afstuur.

31. Dit is dan ook geen ongerymdheid dat Calvyn in sy teologie die "solus Christus" sowel as die "soli Deo gloria" ewe sterk beklemtoon nie. Hierdie twee beginsels moet gesien word in hulle onderlinge kwalifikasie van mekaar. En dit kan op sy beurt alleen geskied deur die toepassing van die "sola Scriptura"-beginsel.

32. Calvyn is gevrywaar van die dwaling van wil= lekeur, dualisme, historisme, Biblisisme en ander gevare, deur die beklemtoning van die skopus van die Skrif, in eerbiedige gehoor= saamheid aan die selfgetuienis van die Skrif.

33. Die beklemtoning van die skopus van die Skrif is van essensiële belang vir die beoefening van die verskillende teologiese dissiplines, en in 'n besondere mate vir die beoefening van die hermeneutiek. Calvyn het dit reeds sterk beklemtoon dat die Skrif alleen suiwer geïnterpreteer kan word wanneer die bedoeling

van die Skrif voortdurend in gedagte gehou word.[16] 'n Hermeneutiek van die Bybel moet daarvan uitgaan dat die Bybel na sy eie be= doeling vertolk word.[17] Die noodsaaklikheid van 'n doelgerigte en breedvoerige studie in verband met die kwessie van skopus en herme= neutiek kan dan ook nie genoeg beklemtoon word nie. Want die doel en die gerigtheid van die Heilige Skrif stel ons ook hermeneu= ties voor baie vrae, waarop 'n antwoord gesoek moet word in die lig van die Skrif self.[18]

34. Dit sou ook die moeite loon om op grond van die ander werke van Calvyn, byvoorbeeld sy kommentare, 'n studie te maak van die funk= sionering van die skopusgedagte. Sodanige studie sou lig kon werp op die hoogs-aktuele onderwerp van skopus en interpretasie.

35. Die suiwere beklemtoning van die skopus van die Skrif open die oë vir die spesifieke gekwalifiseerdheid van die Skrif en sy eien= skappe. Die doel en die daarmee-ooreenkomende gebruik van die Skrif moet by elke teologiese definisie van die Skrif se eienskappe in die

---

16) Vergelyk onder andere Inst. II, XIII, 2; WENDEL. Calvin, p. 148.

17) BIJLSMA. Schriftgezag en Schriftgebruik. p. 9.

18) Vergelyk onder andere BERKOUWER. De H.S. Dl. I, p. 178.

oog gehou word.[19] As Gereformeerdes sal ons altyd moet bly vashou aan die feit dat die hele Bybel, wat inhoud sowel as vorm betref, die Woord van God is. Maar dan sal ons ook ter= selfdertyd moet besef dat die Bybel God se Woord is, op die wyse waarop God dit bedoel het.[20]

36. In die lig van hierdie studie kan die volgende antwoord nou gegee word op die vrae: Wat wil die Heilige Skrif wees; wat wil die Heilige Skrif bied; wat wil die Heilige Skrif bereik?:

Die Heilige Skrif is die openbaring van die Drie-enige God soos Hy Homself bekend gemaak het deur sy heilsdade in die geskiedenis. Hierdie openbaring kom tot ons in die vorm van kerugma en bevat nie net 'n relaas van God se dade in die verlede nie maar ook God se beloftes met die oog op die toekoms. Hier= die openbaring stuur in al sy rykdom af op die een Sentrum, naamlik die liggaamlike dood en opstanding van Jesus Christus. In en deur die verkondiging van hierdie openbaring wil God die heil van die mens bewerk, sodat die mens ten slotte, net soos die ganse Skrif, die lof en die eer van die ewige God sal verkondig.

---

19) Vergelyk onder andere RIDDERBOS. Feilloosheid, feilbaarheid, autoriteit, p. 60; RUNIA. Het gezag van de Schrift. p. 18.

20) RUNIA. Het gezag van de Schrift. p. 19.

37. In 'n tyd van toenemende en radikale Skrif=kritiek het dit dringend noodsaaklik geword om die skopus van die Skrif positief en suiwer te beklemtoon en te honoreer. Want die be=langrike van sodanige beklemtoning is hierin geleë dat dit die Skrifkritiek afwys in die vorm van 'n positiewe bydrae tot die leer van die Skrif.

# BIBLIOGRAFIE


BAKKER, J.T. Het gezag van de Schrift. In BERKOUWER, G.C., VAN DER WOUDE, A.S. De Bijbel in het geding; een bundel beschouwingen over Schriftkritiek en Schriftgezag. Nijkerk, Callen=bach, 1968.

BAUER, W. Griechisch-Deutsches Wörterbuch zu den Schriften des Neuen Testaments und der übrigen urchristlichen Literatur. 5 verb. und stark verm. Aufl. Berlin, Töpelmann, 1958.

BAVINCK, H. Gereformeerde dogmatiek; 2e hers. en verm. dr. Kampen, Bos, 1906. Dl. I.

BERKOUWER, G.C. De Heilige Schrift. Dl. 1 en 2. Kampen, Kok, 1967.

BERKOUWER, G.C. Het Schriftgezag. In BERKOUWER, G.C., VAN DER WOUDE, A.S. De Bijbel in het ge=ding; een bundel beschouwingen over Schriftkri=tiek en Schriftgezag. Nijkerk, Callenbach, 1968.

BERKOUWER, G.C. Verontrusting en verantwoordelijk=heid. Kampen, Kok, 1969.

BIJLSMA, R. Schriftgezag en Schriftgebruik; een hermeneutiek van de Bijbel. Nijkerk, Callen=bach, 1964.

BREMMER, R.H. De Heilige Schrift als Woord Gods (naar aanleiding van G.C. Berkouwer: De Heilige Schrift I). In In die Skriflig; tydskrif van die Gereformeerde Teologiese Vereniging, jg. 1, no. 1, Oktober 1966.

CALVIN, J. Commentaries. Edinburgh, printed for the Calvin Translation Society. Timothy, Titus and Philemon, 1856.

CALVIN, J. Commentaries. Edinburgh, printed for the Calvin Translation Society. Gospel according to John,V. 1.

CALVIN, J. Institutie of onderwijzing in de Christelijke godsdienst. le dl. (boek 1 en 2). Uit het Latijn vert. door A. Sizoo. 5e dr. Delft, Meinema, s.j.

CALVIN, J. Opera quae supersunt omnia; ad fidem editionum principum et authenticarum ex parte etiam codicum manu scriptorum. Ediderunt: Guilielmus Baum, Eduardus Cunitz et Eduardus Reuss. V.2. Brunsvigae, Schwetschke, 1864.

CALVIN, J. Uitlegging van de zendbrief van Paulus aan de Roméinen. Opnieuw vert. uit het Latijn naar de uitg. van Baum, Cunitz en Reuss door D.J. De Groot. Amsterdam, Van Bottenburg. 1950.

CRAMER, J.A. De Heilige Schrift bij Calvijn. Utrecht, Oosthoek, 1926.

CREMER, H. Biblico-theological lexicon of the New Testament Greek; 4th. English ed. with supplement. Tr. from the latest German ed. by William Urwich. Edinburgh, Clark, 1895.

DE GROOT, D.J. Calvijns opvatting over de in= spiratie der Heilige Schrift. Zutphen, Nauta, 1931.

DE JONG, J.M. Kerygma; een onderzoek naar de vooronderstellingen van de theologie van Rudolf Bultmann. Assen, Van Gorcum, 1958.

DE KROON, M.J.J.P. De eer van God en het heil van de mens; bijdrage tot het verstaan van de theologie van Johannes Calvijn naar zijn insti= tutie. Roermond, Romen, 1968.

DODD, C.H. De Bijbel in deze tijd. Utrecht, Spectrum, 1961.

DUVENAGE, S.C.W. Die gesag van die Heilige Skrif. Potchefstroom, Instituut vir Bevordering van Calvinisme, P.U. vir C.H.O., 1967.

FLOOR, L. Calvyn se hermeneutiek in sy betekenis vir ons tyd. In In die Skriflig; tydskrif van die Gereformeerde Teologiese Vereniging, jg. 4, no. 14, Junie 1970.

FORSTMAN, H.J. Word and Spirit; Calvin's doctrine of Biblical authority. Stanford, Calif., Stanford Univ. Press, 1962.

FUCHS, D.E. σκοπός, σκοπέω, κατασκοπέω, κατάσκοπος. In KITTEL, G. Theologisches Wörterbuch zum Neuen Testament. Begründet von Gerhard Kittel. Hrsg. von G. Friedrich, Bd. 7. Stuttgart, Kohlhammer, 1964.

FÜRSTENBURG, J. du T. Die skopus van die Hei=lige Skrif. In HERVORMDE teologiese studies, jg. 26, afl. 3 en 4.

GREIJDANUS, S. Bizondere canoniek van de boeken van het Nieuwe Testament. Kampen, Kok, 1947-'49.

KANTZER, K.S. Calvin and the Holy Scriptures. In WALVOORD, J.F. (ed.). Inspiration and inter=pretation. Grand Rapids, Mich., Eerdmans, 1957.

KUITERT, H.M. Anders gezegd; een verzameling theologische opstellen voor de welwillende lezer. Kampen, Kok, 1970.

KUITERT, H.M. Verstaat gij wat gij leest? over de uitleg van de Bijbel. 8e dr. Kampen, Kok, 1969.

LEWIS, C.T., SHORT, C. A Latin dictionary, founded on Andrew's edition of Freund's Latin dictionary. Rev., enl., and in great part re= written. Oxford, Clarendon Press, 1896.

MOULTON, H.J., MILLIGAN, G. The vocabulary of the Greek Testament, illustrated from the papyri and other literary sources. London, Hodder and Stoughton, 1949.

MURRAY, J. Calvin on Scripture and divine sovereignty. Grand Rapids, Mich., Baker Book House, 1960.

PACKER, J.I. Calvin the theologian. In DUFFIELD, G.E. John Calvin. Appleford, Sutton Courtenay Press, 1966.

RIDDERBOS, H.N. Feilloosheid, onfeilbaarheid, autoriteit. In RIDDERBOS, H.N. Het Woord, het Rijk en onze verlegenheid. Kampen, Kok, 1968.

RIDDERBOS, H. Heilsgeschiedenis en Heilige Schrift van het Nieuwe Testament; het gezag van het Nieuwe Testament. Kampen, Kok, 1955.

ROSSOUW, H.W. Klaarheid en interpretasie; enkele probleemhistoriese gesigspunte in verband met die leer van die duidelikheid van die Heilige Skrif. Amsterdam, Campen, 1963.

RUNIA, K. Het gezag van de Schrift. In In die Skriflig; tydskrif van die Gereformeerde Teolo= giese Vereniging, jg. 4, no. 13, Maart 1970.

SCHULZE, L.F. Die Skrifbeskouing van die re= formatore. In In die Skriflig; tydskrif van die Gereformeerde Teologiese Vereniging, jg. 4, no. 13, Maart 1970.

VAN GENDEREN, J. e.a. Zicht op Calvijn. Amsterdam, Buijten en Schipperheijn, 1965.

VAN DER MERWE, D.C.S. Die roeping tot Gerefor=meerde getuienis vandag, in woord en geskrif ten opsigte van politieke en maatskaplike gebiede. In In die Skriflig; tydskrif van die Gerefor=meerde Teologiese Vereniging, jg. 5, no. 19, September 1971.

VELEMA, W.H. Aangepaste theologie. Amsterdam, Buijten en Schipperheijn, 1971.

WALLACE, R.S. Calvin's doctrine of the Word and Sacrament. Edinburgh, Oliver and Boyd, 1953.

WENDEL, F. Calvin; the origins and development of his religious thought. Tr. by Philip Mairet. London, Collins, 1963.

WOLF, H.H. Die Einheit des Bundes; das Verhält=nis von Altem und Neuem Testament bei Calvin. Neukrichen, Verlag der Buchhandlung des Erzie=hungsvereins Neukirchen Kreis Moers, 1958.

----------------